



# Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

# Kompass



**Jaargang 20 no 8**  
Augustus 2011

- Kerklike lewe in die spervuur ..... 2
- Preaching Library ..... 4
- Kerknuus ..... 6
- Sinode 2011 van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika ..... 9
- Heilshistoriese prediking in ons tyd (1) ..... 15
- Van brandende poorte na strate van goud ..... 17
- Einde van die westerse kultuur? ..... 20
- Reaksie : Ewolusie – Rewolusie? ..... 23

## Die GESKIEDENIS van die HEILSWEG (of te wel heilshistoriese weg)

God se Woord is die selfopenbaring van Homself waarin hy Hom tot die mense en veral sy kinders rig. Die Bybel het in die geskiedenis van sy heilsweg ontstaan (paradys) en is voltooi met die boek Openbaring wat die toekomstige heilsweg aan sy kinders openbaar. In hierdie uitgawe van Kompass kom verskillende fasette van die heilsweg aan die orde.

Eerstens kom die versoeking van Christus deur die satan aan die orde. Satan doen dit deur die feite van die heilsweg aan Christus te noem om Christus te oorreed om Hom aan satan te onderwerp. Maar satan verdraai die feite van die heilsweg. Christus ken die heilsweg van sy Vader en weet hoe om die satan te weerlê (Ps 91 :11) en nie aan hom gehoorsaam te word nie. God het alles wat ons moet weet van die heilsweg aan ons geopenbaar. Die geskiedenis van die heilsweg vorm 'n eenheid en dit moet ook weerspieël word in die kinders van God.

Tweedens kom Hy in die eenheid van sy eilsweg vanaf die paradysbelofte deur Christus en die Heilige Gees na sy kinders toe. Hy doen dit totdat die groot dag kom waarop die openbaring van sy heilsweg voltooi is; wanneer alles wat God belowe het 'n realiteit word.

Derdens het God predikers gegee wat in die Ou en Nuwe Testament en in die dae waarin ons leef sy heilsweg te verkondig. Aan die predikers het Hy hulpmiddels gegee soos kommentare om aan sy kinders die heilsweg te verkondig. Dit mag ons sien in die werk wat deur die Preaching Library gedoen word. Verder ook in die Gereformeerde Opleidingsinisiatief (GTOI) wat tans beplan word deur 'n aantal kerke in die GKSA en in die VGKSA.

Vierdens moet die geskiedenis van die heilsweg bewaar word deur die kerk. Kerke moet ook op mekaar toesien om in die heilsweg te bly wandel. Daarom is daar klassisse en sinodes. Hoe mooi is dit as kerke na die Woord luister in die prediking en in die kerklewe en in die toepassing van die geskiedenis van die heilsweg in die lewe van elke kind van God. Hoe droewig is dit as dit nie gedoen word nie en van die geskiedenis van die heilsweg afgewyk word.

In die vyfde plek het God in die geskiedenis van die heilsweg ook gebooe en riglyne gegee. Dink aan die rentmeesterskap wat die mens moet beoefen sodat ekonomie (Einde van die WesterseKultuur?) en alles wat God op die aarde gemaak het, nievasdraai en verwoes word nie.

Die wêreld ken nie die geskiedenis van die heilsweg nie. Daar word op die onheilsweg geloop. Die kerk ken die heilsweg uit God se Woord. Laat ons daarvolgens lewe.

**Prof Hans Boon**

# KERKLIKE LEWE in die SPERVUUR

## Uit die Bybel

**Lees: Psalm 91**

**Teks: Matteus 4:5-7**

Die tweede versoeking waarmee ons Here Jesus Christus deur Satan in die woestyn gekonfronteer is, raak die lewe in die kerk. Die duiwel neem Jesus na die tempel. Daar laat hy Hom op die dak van die tempel staan en versoek Hom om af te spring. Saam met die versoeking maak Satan die heilige Skrif oop. Daar is geskrywe: God se kinders geniet die beskerming van sy engele.

Die tweede versoeking is 'n bewuste voortsetting van die eerste een. Met die tweede versoeking trek Satan die Godheid van Jesus opnuut in twyfel. Weer begin hy sy stelling met: *as U die Seun van God is*. Asof Jesus dit dalk nie is nie. Maar nou is die omstandighede anders. Hierdie is geen brood-vraagstuk nie. Dit is 'n geloofs-vraagstuk.

### **Van plan A na plan B**

Toe neem die duiwel Hom saam. Hierdie *saamneem* is nie sommer so 'n onskuldige handeling nie. Die duiwel het vir Jesus aan die hand geneem en saamgetrek. Satan lei Jesus doelbewus in die versoeking in. So beleef ons dit ook. Voor jy jou kry, bemerk jy dat jy die pad al 'n entjie met die duiwel saamgestap het. Ongemerk het jy sy uitgesteekte hand gevat en begin loop. Ons bid nie verniet in die Onse Vader: *lei ons nie in versoeking nie*.

Die duiwel neem die Here Jesus na Jerusalem, waar krioelende mense-massas rondbeweeg. Die eerste versoeking was in die woestyn, in die eensaamheid.

Daar het Satan misluk. Nou probeer hy op 'n ander manier. As plan A nie werk nie, stel hy plan B in aksie. Hy verander die dekor. Hy gebruik nuwe omstandighede. Hy praat in 'n ander stemtoon. Van sulke skelmstreke leer die kerkgeskiedenis ons genoeg.

Op dieselfde manier gaan hy in gelowiges se persoonlike lewe te werk. Hy ken jou swakhede. Een vir een buit hy hulle uit, elke keer op 'n ander manier. Maar laat ons nooit vergeet dat dit dieselfde Satan is wat werk nie. Een keer se oorwinning oor versoeking sê nog glad nie dat Satan en sy duiwelse trawante met jou klaar is nie; intendeel.

### **Aanslag op die erediens**

Dit is opmerklik dat die naam Jerusalem nie genoem word nie. Jerusalem word die *heilige stad* genoem. Nie sonder rede nie. Jerusalem is die stad wat God uitgekies het as sy woonplek in Israel. Daarom is die stad heilig. Die belangrikste plek in die heilige stad is die tempel, die huis van God. Die tempel is die sentrale punt van elke Israeliet se lewe. Die duiwel neem Jesus reguit daarheen. Hy het toegang tot die heilige plekke van God. Dit is verskriklik, maar waar.

As die erediens aan die gang is, is die gemeente in die Naam van die Here vergader. God Almagtig is in die midde van die gemeente teenwoordig. Maar die duiwels is ook daar. Hulle het eweneens vrye toegang tot die kerk. En hulle sit nie stil nie. Hulle werk oortyd. Terwyl die Woord van God uitgaan, trek die duiwels die aandag af. Hier kriel 'n kind,

daar staan iemand op, almal kyk wat gebeur – weg is die konsentrasie. Onder gebed, terwyl die gemeente saam voor die heilige troon van God nader, tree die duiwels tussenbeide. Hulle laat gelowiges nie rustig toe om gekonsentreerd te aanbid nie, maar verlei God se kinders om elkeen sy eie dink te dink. So karring Satan aan alle elemente van die erediens: met die sang, met die geloofsbelofte, vanaf die begin- tot die slotseën.

Selfs voor die erediens is hy al aan die karring. Hoeveel keer gebeur dit nie dat hy met een of ander nietigheid jou pad na die kerk probeer toemaak nie. Ons was al reg om kerk toe te gaan, toe raak die kar onklaar. Of: in die kar 'n gestoei tussen die kinders. Onbenullighede: maar Satan slaag.

Satan laat Jesus op die dak van die tempel staan. Onder op die grond is die tempelgangers almal in die voorhof vergader; hulle is in 'n erediens vergader. Satan versoek Jesus: spring daar van bo-af. Die voorstel is aanloklik. Jesus kan in 'n oogwink sy Messiaskap bewys. Hier is die Verlosser vir Wie ons so lank gewag het. Hy het uit die hemel op ons neergedaal!

En wat alles nog aantrekliker maak: Satan motiveer sy voorstel met 'n Bybelteks. Hy maak die Skrifte by Psalm 91 oop. Daar is geskrywe: *Hy sal sy engele bevel gee aangaande U, en hulle sal U op die hande dra, sodat U nie miskien U voet teen klip stamp nie*. Nou is Satan op sy gevaarlikste. *As hy die Bybel gebruik, trek daar nie net 'n rokie*

nie. Dan brand die vuur reeds verwoed.

### **Psalm 91 skeefgetrek**

Wat is 'n mens te wagte as die meester-versoeker met die Skrif begin opereer? Dan hoor ons 'n wolf met die stem van 'n herder. Om die valse gepraat van die wolf te peil, moet ons na die presiese woorde van Psalm 91:11 luister. Daar staan geskrywe: *Hy sal sy engele aangaande jou bevel gee om jou te bewaar op al jou weë.* Opvallend, die laaste helfte van hierdie teks vind ons nie terug in Matteus 4 nie. As Satan Psalm 91 aanhaal, laat hy daardie woorde doelbewus uit.

Afgesien daarvan word dit duidelik dat Satan die konteks, die geheel van Psalm 91, totaal buite rekening laat. Daar staan in vers 14: *omdat hy My liefhet – sê God – sal Ek hom red; Ek sal hom beskerm, omdat hy My Naam ken.* Psalm 91 laat die klem val op 'n verbondskind wat in alles aan God gehoorsaam is. Vir sulke kinders is God 'n skuilplek. Hulle mag vernag in die skaduwee van die Almagtige. Hulle mag reken op God se beskerming. Ander mense nie. Wie God nie in al sy weë wil ken nie, moet geen beskutting van Hom verwag nie. Dit is uitgereken juis hierdie stuk uit die Psalm wat Satan weglaat. Hy maak God se beskerming oor die gelowige los van die gelowige se gehoorsaamheid aan God.

Satan se Skrifgebruik en Skriftoepassing is duiwels. Hy sê vir Jesus: as U die Seun van God is, wys dit. Bewys voor die skare dat U die Messias is vir Wie hulle so lank reeds wag: spring van die dak af. Eintlik sê hy hiermee dat Jesus aan sy Vader ongehoorsaam moet word. Sy voorstel bots lynreg met dit wat die Vader van sy Seun verwag.

Jesaja (42:2) profeteer dat die Messias *nie sal skree of uitroep of sy stem op straat sal laat hoor nie.* Ja, Hy sal preek, maar só dat kindertjies sal glo – en wyses en verstandiges nie. Sy Messiasenskap gaan nie deur almal aanvaar word nie. Hy gaan vir party tot 'n val wees. Dié wat oor Hom val, gaan Hom nie duld nie. Hulle gaan Hom doodmaak omdat Hy nie hulle taal praat nie, nie aan hulle persoonlike verwagtings voldoen nie. Presies die teenoorgestelde gaan gebeur as dit wat Satan voorstel. Die teenoorgestelde *moet* gebeur. Jesus *moet* sterf om vir ons lewe te gee. Hy *moet* verbrysel word om ons weer op te rig.

Satan stel voor: wees Messias sonder lyding, sonder om u voet teen 'n klip te stamp, sonder kruis. Satan probeer om die hart uit God se verlossingswerk uit te sny – met sogenaamde bewyse uit die Skrif. Dit is geen kuns om die Skrif so tot jou voordeel te misbruik nie. 'n Mens kan enige saak met 'n halwe Bybelvers buite sy konteks regverdig, of met jou interpretasie van 'n bepaalde Skrifdeel. Maar daarmee is ons by verre nie aan ons Hemelse Vader gehoorsaam wat met gesag praat nie.



### **Verdere versoeking**

In Jerusalem is die tempeldiens aan die gang. Op daardie oomblik moet Jesus van die dak afspring. Wat gaan die gevolg wees? Die mense se aandag word van God afgelei en op Hom in sy menslike gestalte gevestig. Dáár sien ons die versoeking in die kerk

springlewendig en hiper-aktueel voor ons. Die slang van Matteus 4 spoeg vandag nog dieselfde gif as destyds. Kyk hoeveel daar deesdae in die erediens op die mens gefokus word. Lidmate moet getuig van hulle godsdiens-tige ervarings. Die dominee moet 'n goeie voordrag hê, anders raak ons aan die slaap. Kinders moet op 'n spesiale manier geakkommodeer word met kleuterkerk. Sang moet met allerlei by-middele aangehelp word. Daar moet lewe, 'n opwindende atmosfeer in die dooie erediens kom, asof lewende verkondiging van Gods Woord nie die lewe is nie. Asof dit geen lewe is om met oorgawe tot eer van God te sing, jou geloof in Hom te bely, ons gebede tot Hom te bid nie!

Satan werk in top-rat tussen die kerkmure. Hier slaan hy sy slag wat hy buitekant nie kan slaan nie. Hier versoek hy die volk van God op 'n baie geslepe manier. Omdat ons dit weet, wees op die uitkyk. Toets die Woordbediening wat u hoor. Is dit 'n mooi storie uit die mens, of waarlik Woord van God? Is dit 'n halwe woord met verdraaide uitleg wat mense pas, of volledig die Woord met Godgewilde toepassing? Toets die erediens waaraan u deel het: gaan dit oor die streling van menslike gevoelens, of oor die HERE tot Wie se eer ons vergader?

### **Wapen teen versoeking**

Jesus sê vir Satan: *Daar is ook geskrywe – jy mag die Here jou God nie versoek nie.* Jesus bespreek nie die valse voorstel van sy teenstander nie. Daarvan het Hy Hom ook tydens die eerste versoeking weerhou. Dit is vir ons om ter harte te neem. Satan haal die Skrif op 'n valse manier aan. Sy *versoeking* is: praat daarvoor, stel jou saak, lug jou mening, laat ons dan tot 'n vergelyk kom. Jesus ignoreer

hierdie duiwelse aanbod van Satan. Geen onderhandeling oor die waarheid nie: nie in die ekonomie nie, ook nie in die kerk nie.

*Daar is ook geskrywe, Satan: jy mag die Here jou God nie versoek nie.* Om blindelings op God te vertrou, is heeltemal iets anders as om God te versoek. Geloofs-vertroue gaan altyd saam met geloofsgehoorsaamheid. Wie in

gehoorsaamheid die wil van die Vader doen, mag op Hom vertrou. Wie God uittart deur onbesonne op te tree, soek Hom nie, maar versoek Hom.

Satan maak 'n bespotting van die Vader se sorg. Satan stel die kerklike lewe as 'n sousie voor wat liggies oor die lewe gesprinkel word. Jy maak soos jy wil en as troosprys sleep jy Skrif by. Die wapen van die Woord is vlym-

skerp teen hierdie lewenswandel. God is geen troosprys nie. Hy laat Hom nie voor jou kar inspan nie. God eis gehoorsaamheid van sy kinders. Onvoorwaardelike onderwerping aan sy hele Woord – altyd, oral. In die kerk, én daarbuite.

**Ds Gerard J Meijer** is predikant van die Gereformeerde Kerk Oos-Moot.

## PREACHING LIBRARY

### Sending & Evangelisasie

Stel u voor u moet Sondag preek. Nee, nie preek-lees nie. Nie gou 'n preek van die Internet trek en dit dan voorlees nie. U moet 'n preek van nuuts af skep en dit dan voor die gemeente hou. Dit is die werklike situasie van een van die gebruikers van die Preaching Library.

Op 'n Woensdag het ons 'n e-pos ontvang. "Asseblief, help, ek moet Sondag vir die eerste keer preek". En dan volg die hele storie: Hoe die dominee net skielik verdwyn het. Niemand kan hom bereik nie, en niemand weet waar hy is nie. Dit het nou al 'n paar weke gelede gebeur. 'n Nuwe prediker moes aangestel word, maar niemand is beskikbaar nie. Daarom is hy aangestel. Hy het 'n gewone daaglikse werk, maar van nou af moet hy ook Sondag preek. Waar moet hy begin...? Ongelukkig is sulke situasies in Afrika nie so uitsonderlik nie. Daar is 'n enorme hoeveelheid leke-predikers. Maar selfs van die voltydse predikante geld dat by verre die meeste van hulle geen (goeie) opleiding ontvang het nie. Meeste van die predikante wat goeie opleiding gehad het, het nie die nodige voorbereidingsmateriaal om voor te berei vir Sondag se preek nie.

#### **Die Skrif moet spreek**

Dit is waar die Preaching Library probeer help. Nee, nie om preke uit te deel nie. (Hoe kan 'n mens in elk geval preke uitdeel wat in hierdie wye spektrum van agtergronde en situasies gelees kan word?). Ons probeer materiaal gee wat predikers help om die Skrif te verstaan, sodat hulle kan nadink wat dit alles vir die gemeente beteken. Ons soek dus doelbewus materiaal wat die predikers terugneem na die Skrif

self. Dit is nie "ons" wat hulle moet konfronteer met wat "ons" glo nie, maar almal saam moet ons hervorm word deur dit wat die Skrif ons leer.

Dit is die "ontmoetingspunt" wat ons het: ons wil hulle help om die Skrif beter te verstaan. Ons kom dus nie voorop met ons belydenis en met ons kerklike agtergrond nie, maar begin by die gemeenskaplike basis wat ons het: die Skrif. Deur hierdie uitgangspunt kry ons baie geleenthede om kontak met mense te maak en 'n pad met hulle te probeer stap.

En die weg wat ons dan saam met hierdie predikante probeer stap, is presies dieselfde as wat dit vir ons as gelowiges en kerke is: ons moet van binne-uit deur die Skrif gereformeer word. Om 'n voorbeeld te gee. Ons ontvang 'n versoek vir hulp by Handeling 2 "waar duidelik geleer word dat alle gelowiges wat die Gees ontvang het, in tonge moet kan spreek". Ons raak dan nie in diskussie oor die vraagstuk per e-pos nie. Ons stuur materiaal wat doodeenvoudig 'n uitleg van die betrokke tekste in Handeling 2 gee. Dan moet dit deur die uitleg duidelik word dat dit nie daar handel oor die spreek in tonge nie, maar oor tale van ander bevolkingsgroepe. Die reaksie hierop? Soms hoor ons niks meer van so 'n gebruiker nie. Soms reageer hulle nie hierop nie, maar versoek wel steeds baie gereeld. En soms kry ons reaksie. Dan sal ons ook verder met hulle hieroor praat en weer verdere materiaal stuur wat help om hierdie sake te verduidelik.

Soos uit hierdie reaksies sigbaar word, bly 'n mens uiteindelik werk met die predikante wat doodeen-

voudig die Skrif wil gehoorsaam. Predikante wat die Skrif as die norm vir hulle lewe en prediking hanteer.

### Bekwaamheid

Die doel is dus dat predikante elke week vir ons laat weet waarvoor hulle wil preek. Dan probeer ons om geskikte materiaal te vind vir hulle voorbereiding. Soos u sal verstaan, vind dit op baie verskillende vlakke plaas. Ons kry te doen met predikante wat Grieks en Hebreeus kan gebruik tot predikante wat baie sleg Engels kan lees. As iemand registreer, probeer ons om 'n bietjie meer agtergrondsinligting van die persoon te kry. Na die eerste paar versoeke kan 'n mens redelik maklik peil op watter vlak iemand funksioneer.

Ons kry ook baie vrae oor pastorale situasies. Ongelukkig kan ons nie altyd al hierdie tipe versoeke hanteer nie. Soms gee sulke versoeke wel die geleentheid om 'n bietjie begeleiding te gee van hoe 'n mens sulke situasies moet hanteer. Meestal is die inslag baie wetties: ons moet die mense leer om dit en dat te doen. Ons probeer dan weer in die eerste plek die fokus plaas op Wie die Here is. As voorbeeld: as die kerklike bydraes nie goed is nie, dan sal ons hulle probeer lei om eers te fokus op die voorsienigheid van die Here. Uiteindelik is kerklike bydraes tog 'n vertrouenssaak?

Die grootste deel van die predikante waarmee ons werk, het dus geen goeie opleiding gehad nie en daar is ook nie werklik geleentheid hiervoor nie. Ons hoop dat hulle deur die materiaal wat hulle vir hul preekvoorbereiding gebruik, in bekwaamheid kan groei. Ook hierin vertrou ons die krag van Woord en Gees!

### Internet

Die Internet as medium gee ons enorme geleentheid om mense te bereik wat vroeër onbereikbaar en onbekend was. Ons voorsien op die oomblik predikante in 35 verskillende lande in Afrika. In sommige van

hierdie lande is daar vervolging van Christene. Ons hoef nie meer met boeke te smokkel om predikante te help nie. Met die Internet kom ons tot direk in hulle studeerkamer! Ons het kort gelede nog 'n e-pos gekry van 'n predikant uit die Ivoorkus wat vertel hoe kerke en predikante deur die oorloë in hierdie land alles verloor het. Hy vertel hoe groot die chaos in die kerklike lewe is, omdat so baie mense vermis word of iewers anders woon, ens. Maar nou kan 'n mens tog nog die predikant help deurdat daar Internetverbinding is!

Baie keer word daar vir ons gevra hoekom ons al die onkoste self dra en alles gratis aan die predikante voorsien. Is dit nie goed as hulle ook iets betaal nie? Allereers is dit belangrik dat ons juis hulle wil bereik wat graag die Woord van God wil bestudeer maar nie altyd die geleentheid daarvoor het nie. Verder beseft mense nie altyd wat dit vir ons gebruikers inhou om van hierdie dienste gebruik te maak nie. Ons het predikante wat 'n halfuur met die taxi ry om by 'n Internet-kafee uit te kom en dan nog betaal vir elke minuut wat hy die Internet gebruik. Dit kos hom reeds baie om van ons dienste gebruik te maak! So is daar nog baie van hierdie predikante wat regtig die Woord wil bestudeer. Mag die Here gee dat ons hulle ook kan bereik! Gelukkig weet ons dat die Here se oë die hele wêreld deursoek en heel persoonlik die lewe van sy kinders lei.

### Dankbaarheid en verwagting

Ons is nou reeds 3 jaar met hierdie projek aan die gang. In dit alles staan ons verbaas oor hoe die Here groei gegee het en ook so ryklik voorsien het. Die hoeveelheid predikante en versoeke het so gegroei soos wat ons dit elke keer redelik kon hanteer. Die Here het elke keer weer nuwe vrywilligers gegee wat bereid was om te help sodat alles kon groei soos wat nodig was. Ons het indertyd baie klein begin. Ondertussen het ons eerste skandeerder (van so R800) al meer as 10 000 dokumente geskandeer! Tegelyk is daar nog baie uitdagings wat voorlê. Ons moet op die oomblik elke week 'n klompie versoeke afwys, omdat ons nog nie daarby kon uitkom om materiaal oor verskillende onderwerpe en Teologiese afdelings te vind en te beoordeel nie. Ons het nie die mannekrag om meer intensiewe kontak met baie van die predikante te kan maak nie. Ons wil nog graag hulp gee aan predikante in Asië wat in dieselfde situasie is as baie predikante in Afrika. Ons kry baie aanvrae vir Franse materiaal in Afrika. In dit alles is ons bedede dat Hy self sal voorsien aan hulle wat klop... ; dat Hy wat mense ook soekende maak, sal voorsien dat hulle kan vind en bly wees – saam met ons wat al so gewoon geraak het aan die rykdom wat ons het.

"Please I don't have any literatures. How can you help me to have them. In this country the young Ministers are not privileged to have these books to help them study and that is why most young Pastors are not fulfilled. hence kindly help my handicapy."

*Ikemefuna Ugboko (Living Word Gospel Mission, Nigeria – Pentecostal (= Pinksterkerke))*

"I have been using the Preaching Library for over three years now. As a pastor serving in a developing country, resources for sound Christian literature are so hard to come by, but even when they do, good commentaries are not readily available. So when I was introduced to the Preaching Library, a whole world of access to very good commentaries was opened up to me. I often preach expository sermons through various books of the Bible, and sometimes my lean library would not have all the books I need

to reference. Thank God that through the ministry of the Preaching Library, I have been able to promptly receive the material I have requested. This service has not only been a blessing to my soul as I have soaked myself into the deep theological goldmines of the previous and current generation of God's servants, but I know my congregation has also grown spiritually by feasting on a rich diet of biblical truth. It is my prayer that this ministry would continue to help pastors like me with free material so that we can become competent ministers of the gospel who correctly handle the Word of truth."

*Isaac Makashinyi (Baptist, Zambia)*

*Ds Jopie van der Linden is emeritus predikant van die Vrye Gereformeerde Kerk Johannesburg.*

## KERKNUUS

### Kerknuus Australië

#### **Sinode in Nederland**

Vanaf 28 Maart tot 1 April 2011 het twee afgevaardigdes van die FRCA die sinode van ons susterkerke in Nederland bygewoon. Hier is 'n kort uittreksel van hul toespraak gerig aan die Sinode (geneem uit *Una Sancta*):

"In vandag se 'global village' word die behoefte om mekaar as susterkerke te help, groter. Dit is waar dat ons as Australiërs nie in jul omgewing en kultuur leef nie. Die kwessies wat ons in die gesig staar, is nie identies nie. Tog is ons aan mekaar gegee in die gemeenskap van geloof, om 'n hand en 'n voet vir mekaar te wees, om te veg vir die waarheid en om Hom te eer in Wie se diens ons staan. Dit is ons innige gebed en doel op hierdie sinode dat die woorde wat ons mag spreek, woorde sal wees van motivering en liefde vir jul kerke.

Ons sinode wat in 2009 in Legana (Tasmanië) gehou is, het kommer uitgespreek oor die Gereformeerde Kerke Vrijgemaakt (GKv). Twee sake is op dié Sinode beklemtoon, naamlik die benadering tot die hermeneutiek en die invloed van die post-moderne tydsges.

Ons wil vanaand graag op die eerste saak let. 'n Spesifieke manier om die Bybel te verklaar, 'n manier wat die mens as beginpunt neem eerder as God se Woord, funksioneer binne jul kerke. Hierdie verkeerde manier van denke domineer tans ook ander diskussies in jul kerke. Ons moet by God se Woord begin, veral as dit gaan oor sake soos homoseksualiteit en ander etiese kwessies. Ons is bekommerd dat daar oor die algemeen te veel aanpassing plaasvind ten opsigte van die kultuur waarin ons lewe. Ons het dieselfde kommer met betrekking tot sommige publi-

kasies wat uitgegee is deur personeel aan die Teologiese Universiteit. Ons verwys na standpunte gemaak deur prof Harinck en publikasies deur prof Paas en dr Van Bekkum. Ook publikasies met betrekking tot die uitleg van Genesis 1-11.

As ons na julle agenda kyk, sien ons gewigtige sake waarvoor besluit moet word. Een van die sake is die vrou in die amp. Tot nou toe lyk dit of dié saak oop gelaat is vir diskussie. Die kerk is egter nie 'n forum vir diskussie nie. Die kerk is geroep om 'n pilaar en grondslag vir die waarheid te wees, 1 Timotheüs 3: 15. Om 'n besluit op grond van hierdie waarheid te maak, sal waarskynlik nagevolge hê, binne jul kerkverband en ook in jul verhoudings met ander kerke. Ons moedig julle daarom aan om sonder verwyld hierdie besluit te neem, nl. om te bevestig – gebaseer op 1 Timotheüs 2:11-15

en 1 Korinthiërs 14:33-35 – dat slegs manlike belydende lidmate geroep kan word tot die diens van predikant, ouderling en diaken. Die laaste saak wat ons moet aanspreek, is dat die GKv se huidige rigting spanning plaas op ons susterverhouding. Spanning wat die gevolg is van die feit dat ons in verskillende rigtings beweeg. Dit is 'n spanning wat droefheid veroorsaak. Broeders, ons vermaning is gemaak uit diepe liefde en sorg vir jul kerke, van jul klein suster van 'down under'. Saam met julle wil ons stry vir die waarheid. Ons dra julle op aan God in ons gebede, om aan julle wysheid en vrymoedigheid te gee om die besluite te neem. Ons wens julle God se seën toe met die gebed van die apostel Paulus in Efesiërs 3. 'Broeders, in alles Gode bevolen!'

### **Sendingwerk in Lae, PNG**

Met dankbaarheid teenoor God, ons Vader, mag ons meld dat kandidaat T Sikkema sy klassis-eksamen geslaag het. Sodoende kon hy op Sondag 26 Junie 2011 bevestig word as Bedienaar van die Woord vir die taak as sendeling in Lae, PNG. Dit was 'n ryke ervaring vir dié wat getuies daarvan mog wees. Ons is dankbaar en bly teenoor God vir sy seën. Ds Sikkema saam met sy vrou en hul babadogtertjie vertrek DV aan die einde van Julie na Lae.

Vanaf Lae rapporteer ds Wildeboer die volgende (geneem uit *Church Bulletin*):

"Hierdie maand het ek die voorreg gehad om elke Sondag te kon preek aangesien my gesondheid

verbeter het. (Ds Wildeboer het simptome van malaria gehad). Drie van die vyf preke het gehandel oor Efesiërs 6:1-4, oor die opvoeding van verbondskinders. Hierdie preke is opgeneem op CD en verkoop teen 50 toea (sente). Alhoewel ek hierdie CD's eerder gratis wou uitdeel, het ek geweet dat mense wat nie 'n CD-speler besit nie, dan ook 'n CD sou neem. 20 CD's is versprei, met 'n versoek vir 'n addisionele 10. Ons hoop en bid dat die mense tuis daarna sal luister en dit ook met hul vriende sal deel. Tans woon tussen 120 en 130 mense die eredienste by.

Die jeug bly steeds 'n bitter-soet pil. Dit is moeilik om deurlopende betrokkenheid te kry. Op die eerste Saterdag van elke maand is daar 'n jeugbyeenkoms by die kerk. Dan word daar 'n gedeelte uit die Bybel bespreek, speletjies gespeel, saam geëet, 'n DVD gekyk wat ons voorsien, en hulle slaap ook daar. Tydens die laaste byeenkoms was daar slegs 10 jeuglidmate teenwoordig en ons kon eers om 3 uur smiddags begin in plaas van die oggend.

Ons dank God vir sy beskerming oor ons. In die 5 jaar wat ons hier bly, het ons onlangs ons eerste misdadaadvoerval gehad toe skelms by die slapende wag verbygekom en twee van ons fietse gesteel het. Daaglik hoor ons van gevegte en moorde in Lae en omgewing. Dit bedroef ons.

'n Groot woord van dank aan die Bybelstudie-verenigings in Perth

wat geld ingesamel het. Ons het \$3000 ontvang. Dit is bedoel vir die vroue in Lae wat DV die vrouesaamtredkdag in September in Port Moresby gaan bywoon. Die geld wat ontvang is, sal in die volgende paar jaar aangewend word tesame met die fondse wat die vroue self insamel om in die komende jare verteenwoordigers te stuur."

### **Ander nuus**

'n Afskeidsbyeenkoms is vir ds Rupke gehou in die kerk van Bunbury/Busselton. Met dank teenoor die HERE is daar teruggekyk op sewe jaar wat hy daar werksaam kon wees. Ds Rupke het 'n beroep as tweede predikant vir die Southern River-gemeente aangeneem.

Tans word die kerke in Australië verdeel in twee klasisse, nl. Noord en Suid. 'n Vergadering van Klassis Suid is gehou op 29 April 2011. Vermelding is gemaak dat daar tans vyf kerke vakant is, naamlik Bunbury, Busselton, Albany, Armadale en Rockingham. Daar is ook voorbede gedoen dat die HERE sal voorsien. Ook in die eredienste word daarvoor gebid dat jong seuns/mans, wat die gawes het, dit ernstig sal oorweeg om teologie te studeer.

Ds Huizenga, afgetrede predikant van die Armadale-gemeente, help tans uit vir 'n tydperk van drie maande in Cairns, Queensland (huisgemeente van die Armadale-gemeente).

*Korrespondent – Herman de Jager*

## **Kerknuus Nederland**

Hierdie maand wil ek graag 'n samevattende terugblik gee oor die afgelope Sinode van die Gereformeerde Kerken vrijgemaakt (GKv). Die Sinode word volgende jaar voortgesit met 'n vergadering

oor die nuwe kerkorde. Hier 'n samevatting van die belangrikste Sinodebesluite:

In terme van verhoudings met ander kerkverbande is allereers 'n

ooreenkoms bereik tussen die GKv en die Nederlands Gereformeerde Kerken (NGK) oor die binding aan die belydenis en die uitleg van die Skrif (hermeneutiek). Verdere gesprekke sal gaan



oor die vrou in die amp en oor die manier waarop die NGK in die onderskeie gemeentes omgaan met die binding aan die belydenis. Ten tweede gaan die GKv verder om gesprekke met die Christeljk Gereformeerde Kerke (CGK) oor die prediking, visie op die gemeente, sakramente en die kerklike vermaning (tug) in die plaaslike gemeentes en op regionale vlak te bevorder. Ook is besluit dat GKv-predikante mag voorgaan in CGK-eredienste, mits die eie kerkraad dit ook goedkeur.

Vervolgens het die Sinode besluit dat daar 'n ondersoek moet kom of 'n assosiasie met die Raad van Kerke in Nederland 'n moontlikheid is. 'n Assosiasie hou in dat kerke onder bepaalde voorwaardes kan deelneem aan die Raad van Kerke, sonder dat sy lid word of gebonde is aan besluite of standpunte van die raad.

T.a.v. die *Nationale Sinode* ("Sinode" van alle protestantse kerke in Nederland) het die GKv-Sinode besluit dat deelname hieraan geregverdig is. Ook sal die GKv deelneem aan 'n voorgestelde nuwe byeenkoms, "met inachtneming van de eigen identiteit en verantwoordelijkheid." Die afvaardiging van die GKv sal dan die "katholiek-gereformeerde belijden naar de Schriften" as voorstel inbring.

Ook het die Sinode besluit om nie saam te werk met die studiekommissie oor homoseksualiteit en amp, 'n kommissie wat deur die NGK ingestel is, nie. Hierdie kommissie moet die vraag ondersoek wat Gods Woord sê oor die roeping van gemeentelide met 'n homoseksuele verhouding tot die amp van ouderling en diaken. Lidmate van die GKv mag wel in persoonlike hoedanigheid 'n bydrae tot die werk van die studiekommissie lewer. Wel bly die GKv steeds betrokke by die webtuiste [www.homoindekerk.nl](http://www.homoindekerk.nl),

wat saam met die NGK begin is. Die Sinode vra dan dat op die webtuiste duideliker moet uitkom dat "de seksuele omgang volgens het Woord van God verbonden is met het huwelijk van man en vrouw."

Oor die vrou in die amp het die Sinode besluit om voort te gaan met die ondersoek of dit, op grond van die Skrif, geoorloof is om vroue in die amp van diaken, ouderling of predikant te benoem. In hierdie ondersoek, wat oor drie jaar afgerond moet wees, betrek die deputate o.a. die gevolgtrekkings van besinnings en besluitvorming deur plaaslike Kerkrade sowel as die uitsprake van verwante kerke in binne- en buitenland oor die vrou in die amp. Op die vraag of vroue tydens die erediens mag preeklees of voorgaan in gebed, het prof dr M te Velde, hoogleraar aan die TUK, gereageer deur te sê dat kerkrade in die GKv mans genoeg is om self hieroor 'n besluit te neem. Dis volgens hom nie die taak van die Sinode om namens die 275 verskillende gemeentes 'n bindende besluit daarvoor te neem nie.

Verder het dit op die Sinode duidelik geword dat die Theologiese Universiteit in Kampen (TUK) op die lang termyn nie meer op eie bene kan staan nie. Daarom moet die universiteit in die komende jare baie gaan investeer in professionalisering, internasionalsiering en samewerking met ander universiteite. Die Sinode kom volgende jaar in 'n vervolgsitting bymekaar om te praat oor die finansiering van die TUK.

Ten slotte het die Sinode besluit dat die benoeming van dr Stefan Paas as dosent aan die TUK tereg was. Beswaar teen sy aanstelling is geopper, omdat hy in sy proef-

skrif "Schepping en oordeel" (1998) die Skrifgesag nie voldoende gehonoreer het nie. In 'n verklaring laat die Sinode weet dat dr Paas in sy proefskrif aanhangers van Skrifkritiese teorieë met hul eie wapens probeer bestry het en daarmee in feite bygedra het tot die Bybelgetroue teologie. Vanweë hierdie besluit het ds HG Gunnink, predikant in Ten Boer, die Sinode verlaat. In twee verklarings (een openbaar en een agter geslote deure) het hy aangedui dat hy nie deel wil wees van hierdie besluit nie. Volgens hom is duidelik uit ander artikels van dr Paas dat hy self hierdie Skrif-kritiese gedagtegoed as mening huldig. Ds Gunnink het eers na twee dae weer sy plek aan die Sinodetafel ingeneem. Prof dr J Douma het in sy reaksie hierop sy misnoeë uitgespreek oor die manier waarop die Sinode met ds Gunnink en ander verontruste predikante omgaan. Veral die reaksie van prof dr CJ de Ruijter, wat die kritiek van die predikante afgemaak het as „indianenverhalen", vind hy nie tereg nie. Hierdie uitspraak van De Ruijter het volgens prof Douma ook die naam van die TUK skade aangerig. Daarom het hy op die web-tuiste [www.gereformeerdekerkblijven.nl](http://www.gereformeerdekerkblijven.nl) opgekom vir die sewe predikante. Volgens hom gaan dit hier nie oor 'n klein saak nie, maar 'n saak

### gereformeerde kerk blijven



wat groter gevolge kan hê as wat die Sinode dink.

Die gevolg van hierdie uitspraak van prof Douma moet ons maar afwag. Ons bid dat die Here sy kerk hier in Nederland sal lei om trou die weg van Skrifgehoorsamheid te gaan.

*Korrespondent – ds Axel Hagg*



# SINODE 2011 van die VRYE GEREFORMEERDE KERKE in SUID-AFRIKA - Pretoria, 13 tot 16 Junie

## Kerknuus Suid-Afrika

### “Ek dank my God elke keer as ek aan julle dink” – Filippense 1:3

Met hierdie woorde het die Sinode sy werk op Dinsdagoggend begin. Die apostel Paulus dank God elke keer as hy dink aan die kerk in Filippi. Met dieselfde instelling kon die afgevaardigdes hulle werk begin, gedagtig aan al die goeie werk wat God reeds in die verlede in die kerke verrig het. Terselfdertyd is hulle aangemoedig dat, ten spyte van hul eie swakhede, God hierdie werk sal voortsit tot die dag van Christus Jesus – ook deur die werksaamhede van die 36<sup>e</sup> Sinode van die VGKSA (Fil 1:6). Elke oggend het die voorsitter die afgevaardigdes aangemoedig uit die brief aan die Filippense om hulle werk in hierdie konteks te sien.

In hierdie **Persverslag** vind u ’n kort oorsig van die agenda en besluite van die Sinode. Op ’n later stadium sal die Acta van die Sinode gepubliseer word met al die besluite, gronde en bylaes.

Die Sinode het begin na ’n bidstond gehou in die VGK Pretoria op Maandagaand 13 Junie. Hoewel die vorige Sinode – Kaapstad 2008 – Mamelodi aange-wys het as die kerk om die Sinode saam te roep, het die kerk van Pretoria hierdie taak oorgeneem op versoek van Mamelodi, as gevolg van sake in hierdie gemeente wat dit vir hulle moeilik gemaak het.

### **Kredensiebriewe en Moderamen**

Op Maandagaand is die kredensiebriewe ondersoek. Dit het geblyk dat Klassis Noord ’n ekstra predikant gestuur het as gevolg van ’n gebrek aan ouderlinge. Al die afgevaardigdes is versoek om op te staan om hulle instemming met die Drie Formuliere van Eenheid te betoon. Die volgende moderamen is toe verkies: Voorsitter: Ds C Kleijn; Ondervoorsitter: Ds PG Boon; Skriba: Br T de Wit

### **Buitelandse Afgevaardigdes**

Namens die **Free Reformed Churches of Australia** is br Bert Veenendaal verwelkom. In sy toespraak het hy daarop gewys dat hulle Sinode Legana wat in

2009 gehou is, besluit het om die susterkerkverhouding met die VGKSA voort te sit. Hy het ook sy waardering uitgespreek vir die groeiende kontakte weerskante van die Indiese oseaan, en die groeiende gewaarwording hoe God sy kerk op beide kontinente vergader, beskerm en onderhou. Die Sinode Pretoria 2011 het ook besluit – op grond van die voorstel soos dit onderbou is deur die deputate vir betrekkinge met buitelandse kerke – om die susterkerkverhouding voort te sit. Die Sinode het ook sy opregte dank uitgespreek teenoor die Australiese kerke vir die verskeie maniere waarop hulle die Suid-Afrikaanse kerke bystaan, veral ook wat betref finansiële steun aan hulpbehoewende kerke.



Die **Canadian Reformed Churches** was nie in staat om ’n afgevaardigde te stuur nie. Hulle het egter hul groeteboodskap per brief oorgedra. Hulle Sinode Burlington (Ebenezer) wat in 2010 gehou is, het besluit om die

susterkerkverhouding met die VGKSA voort te sit. Die Sinode Pretoria 2011 het ook besluit – op grond van die voorstel soos dit onderbou is deur die deputate vir betrekkinge met buitelandse kerke – om die susterkerkverhouding voort te sit. Dankbaarheid is ook uitgespreek vir die verskeie maniere waarop die Kanadese kerke ons tot hulp gekom het. Spesiale vermelding is gemaak van die kommissie ingestel deur die Kanadese Kerk van Coaldale om alle finansiële hulp uit Kanada aan die Suid-Afrikaanse kerke te koördineer en te kanaliseer.

### **Die Gereformeerde Kerken in Nederland**

**(vrijgemaakt)** het besluit om twee afgevaardigdes te stuur, om daardeur uitdrukking te gee aan hoe belangrik hulle die wedersydse verhouding beskou. Die Sinode het sy dankbaarheid hieroor uitgespreek. Die afgevaardigdes was ds JM van Leeuwen en sr M Blok, beide lede van die Nederlandse deputate vir betrekkinge met buitelandse kerke (BBK). Die Sinode was egter minder beïndruk met die feit dat die Nederlandse kerke een vroulike afgevaardigde

gestuur het. Om susters te laat dien as deputate is nie die probleem nie, aangesien die Suid-Afrikaanse kerke ook susters het wat as deputate dien. Waar die skoën gedruk het, was egter die feit dat die VGKSA buitelandse afgevaardigdes as lede van die Sinode aanvaar met volledige stem van advies wat betref alle sake op die agenda. Die Sinode is een van die regeerliggame in die kerke. Hierdie gewoonte het ontstaan as gevolg van die feit dat die VGKSA 'n klein kerkverband is en altyd die bydrae van buitelandse afgevaardigdes hoog op prys gestel het. Hoewel dit nie onmoontlik is om hierdie tradisie te verander nie, kon dit nie op die laaste oomblik gedoen word sonder dat die kerke eers daarin geken is nie. Ons deputate BBK het die Nederlandse deputate hieroor ingelig en hulle vriendelik versoek om – as dit moontlik was – nie 'n vroulike afgevaardigde te stuur nie. Maar die Nederlandse deputate het voortgegaan om 'n vroulike afgevaardigde te stuur. Die Sinode het uitgespreek dat dit onsensitief was van die Nederlandse kerke, en noudat die Sinode geforseer was, besluit om aan ds Van Leeuwen die volledige voorregte verbonde aan 'n buitelandse afgevaardigde te verleen, maar om die deelname van sr Blok te beperk tot haar aandagsveld, naamlik die Nederlandse kerke.

### **Sinodereëls**

Die Sinode het administrateurs aangestel om die sinodereëls vir die toekoms op datum te bring. Dit behels dus ook om na die kerke met 'n onderboude voorstel te kom wat betref die status van buitelandse afgevaardigdes. Die Sinode het hierdie deputate verder gevra om die sinodereëls op die volgende punte aan te pas:

- Om 'n duidelike afsnydatum vir deputaterapporte te stel, waarna die Sinode nie aan laat rapporte aandag sal skenk nie. Skynbaar is die feit dat die huidige reëls stel dat rapporte vier maande voor die begin van die sinode aan die kerke gestuur moet word, nie duidelik genoeg nie...
- Deputaterapporte moet in Engels geskryf wees. Dit geld ook vir lang bylaes. Hulle moet òf in Engels vertaal word òf 'n Engelse samevatting moet voorsien word.
- Elke afgevaardigde op die Sinode het die reg om in sy moedertaal te praat, waarna dit in Engels getolk sal word.
- Die Sinodereëls moet as 'n bylae by die Acta gepubliseer word, sodat dit vir almal beskikbaar is.

### **Teologiese Opleiding**

Die Sinode het ook die rapport van Deputate Kuratore behandel. Hierdie was die hoofsaake:

- Vanaf begin 2010 is die streekskoördineerders – ds JA Breytenbach (Klassis Suid) en ds PG Boon (Klassis Noord) – betrokke by 'n inisiatief wat die *Gerefor-*

*meerde Teologiese Opleidingsinisiatief (GTOI)* genoem word. Dit is 'n samewerking tussen 'n aantal kerke uit die GKSA en die VGKSA. Die doel is om 'n Teologiese Opleiding in Suid-Afrika daar te stel met die volgende kenmerke:

- ❖ Gebaseer op die Woord van God en die Belydenisse (HK, NGB, DLR & Westminster-konfessie), sowel as 'n gesamenlike dokument wat die hermeneutiese uitgangspunte vaslê.
- ❖ 'n Groot fokus op die opleiding van predikante en sendelinge vir Afrika.
- ❖ 'n Gedesentraliseerde indiensopleiding, wat beteken dat studente betrokke moet wees in praktiese werksaamhede in die kerke gedurende die hele verloop van hul studie, wat geëvalueer word deur mentors in die plaaslike gemeentes en waarvoor die studente krediete ontvang.
- ❖ Dit het multi in- en uitreevlakke, wat die opleiding geskik maak nie net vir predikante nie, maar ook vir ouderlinge, diakens, evangeliste, Sondagskool-onderwysers en ander bedieninge in die kerke.
- ❖ Dit behoort aan die kerke en is vry van staatsubsidie.

- Die Sinode het kennis geneem van die *Visie-dokument* van hierdie inisiatief (GTOI), en het die kuratore aangemoedig om voort te gaan met hulle betrokkenheid hierby. Mog die GTOI suksesvol wees, kan dit beteken dat die uiteindelijke oogmerk wat die kerke in die verlede geformuleer het, verwesenlik kan word: 'n enkele opleiding in Suid-Afrika vir alle verskillende Teologiese studente van die VGKSA, ongeag hulle afkoms.

- Die Sinode het besluit om in die tussentyd voort te gaan soos in die verlede. Teologiese studente vanaf die sendingvelde van Klassis Noord word aanbeveel om by die *Mukhanyo Theological College (MTC)* te studeer, met 'n plusprogram daarna. Studente vanaf die sendingvelde van Klassis Suid word aangemoedig om by die *George Whitefield College (GWC)* te studeer, met 'n toegevoegde plusprogram. Studente van die 'ouer' kerke word aangemoedig om 'n BA-graad te voltooi by 'n universiteit in hulle omgewing (met Hebreeus en Grieks en verkieslik ook Latyn), en vir hulle BTh-graad gebruik te maak van die *Theological Seminary* van ons susterkerke in Kanada. Die Sinode het aanbeveel, op grond van praktiese en finansiële redes asook die Teologiese standpunt-inname van sommige dosente, om nie langer gebruik te maak van die *Theologische Universiteit* in Kampen, Nederland, nie.

- Terselfdertyd het die Sinode benadruk dat die onderskeid tussen studente afkomstig uit die 'ouer' kerke en die sendingsvelde nie in sement gegiet is nie. In oorleg met die streekskoördineerders moet die mees geskikte studieroete vasgestel word vir elke

individuele student.

- Die vorige Sinode het ds JA Breytenbach as nasionale koördineerder benoem. Een-en-'n-half jaar gelede het hy egter bedank as gevolg van sy werkslas. Die kuratore het toe besluit dat die take oorge neem sou word deur die streekskoördineerders en die administratiewe assistente. Die Sinode het ook besluit om nie 'n nuwe nasionale koördineerder op hierdie stadium te benoem nie, hoewel die kuratore die mandaat ontvang om dit te doen indien noodsaaklik.

### Bevestiging van Huwelike

Twintig jaar gelede het die Sinode van 1990 besluit dat huwelike in privaat byeenkomste bevestig sal word. Klassis Noord het nou met nuwe argumentasie gekom dat – op basis van die situasie waarin die kerkverband inbeweeg het met die (eks-) sendingkerke – hierdie besluit te smal is. In die Afrika-konteks is huweliksluitings baie verstrengel in die ou heidense geloof. Vir die (sending)kerke is dit baie belangrik om juis meer betrokke te wees. Daarom het die Sinode die volgende besluit:

“Die sinodebesluit van 1990 artikel 16(b) word soos volg verander: Die kerklike bevestiging van huwelike kan òf gedoen word in 'n private byeenkoms òf in 'n kerkdien in terme van artikel 68 van die Kerkorde. Dit kan deur die plaaslike kerk bepaal word. Die Sinode besluit om kerkrade op te roep om hulle betrokke in die gee van leiding aan paartjies in die voorbereiding op 'n waarlik Christelike huwelik, te intensiveer. Dit behoort onderrig in te sluit en leiding met betrekking tot die Christelike karakter van die huweliksbevestiging.”

### Werklas van Predikante

Klassis Noord het 'n versoek ingedien om in die toekoms versigtig te wees om predikante in verskillende deputaatskappe aan te stel. Die Sinode se antwoord was dat die kerkverband klein is, en dat die werklas

op ander lede se skouers net so swaar is. In die Deputate artikel 11 (hulpbehoewende kerke) het die Sinode egter nie weer 'n predikant benoem nie, vanweë 'n moontlike belangekonflik.

### Bybelvertaling

Die Sinode het weer deputate aangestel met die mandaat om lede te wees van die *Kerklike Advieskomitee* met betrekking tot die nuwe vertaling van die Bybel in Afrikaans. Aangesien hierdie proses vertraging opgehoop het, het die deputate nie baie werk te doen gehad nie. Wat betref die toekoms moet die deputate daarop toesien dat, sover dit binne hulle vermoë is, daar 'n betroubare Bybelvertaling tot stand kom. Die deputate sal in die proses bygestaan word deur lesers uit die kerke.

### Deputate n.a.v. artikel 49 van die Kerkorde

In die kerkverband is daar 'n aantal meganismes met die doel om daarop toe te sien dat klassisse en kerkrade hulle werk doen volgens die Woord van God, die Belydenis en die Kerkorde. In artikel 49 van die Kerkorde lees ons: “*Die sinode... sal deputate*

*benoem wat die klassisse moet bystaan in alle gevalle waar die Kerkorde dit voorskryf, en – op versoek van die klassisse – by spesiale probleme.”*

Hierdie deputate het aan die Sinode gerapporteer dat hulle die afgelope jare betrokke was by 'n aantal klassis-eksamens van Teologiese studente, sowel as by een spesiale



Bo vlnr (agter): oudl Tjeerd de Wit, oudl JC du Plessis, ds BA Matlaela, ds C Kleijn, oudl J van der Linden, ds G Mnisi, dr H Breytenbach, oudl R Meeske, br GB Veenendal (Aus) sr MA Blok Sijtsma (Ndl), ds PG Boon  
Onder vlnr: Ds Jerry Mahlangu (inlas), oudl C Roose, br A Herder, ds JM van Leeuwen (Ndl), ds Eugene Viljoen

probleem – die skorsing en afsetting van 'n predikant.

### Korrespondensie met die Owerhede

Die Sinode het kennis geneem van die aktiwiteite van hierdie deputate, onder andere:

- 'n Gelukwensingsbrief wat gestuur is aan president Zuma ter geleentheid van sy verkiesing en aanstelling as president van die Republiek van Suid-Afrika.
- 'n Brief wat gestuur is aan die minister van

gesondheid om ons bekommernis uit te spreek oor die effek wat stakings op die gesondheidssektor het. Vir die toekoms het hierdie deputate mandate soos die volgende ontvang:

- Om te reageer op maatreëls wat 'n impak het op die beskerming van die prediking van die Evangelie.
- Om na die regering getuienis af te lê in gevalle waar die regering die universele wet van God oortree, en om oor die spesifieke aard van hierdie spesifieke mandaat verder deur te dink en met voorstelle na die volgende Sinode te kom.
- Om die gemeentes in die VGKSA te stimuleer om 'n aktiewe benadering te hê teenoor die regering en om ondersoek in te stel na die moontlikheid om te reageer op nuwe en gewysigde wetsontwerpe, op uitnodiging van die regering.

### **Kontrole van die Argief**

Een klein punt kan genoem word: die Sinode het besluit dat elektroniese handtekeninge (soos in pdf-dokumente) aanvaarbaar is. Dit sal baie tyd en energie in die toekoms spaar.

### **Sendingsdeputate Suid-Afrika**

In hulle verslag het die sendingsdeputate aangedui dat hulle 'n aantal (finansiële) verantwoordelikhede die afgelope jare oorgedra het na ander deputatskappe:

- Hulle betaal nie meer iets vir hulpbehoewende kerke nie, dit word nou deur deputate artikel 11 KO gedoen.
- Hulle is nie meer betrokke en betaal ook nie meer iets vir Teologiese Opleiding nie. Hulle het 'n kontrak gehad met Mukhanyo Theological College (MTC) vir 'n periode van vyf jaar (waarvan 2011 die laaste is), op grond waarvan hulle elke jaar 'n bedrag van R150 000 aan MTC betaal het. Deputate kuratore moet die verantwoordelikheid oorneem t.a.v. MTC sowel as ander opleidingsinstansies.
- Die afgelope jare het die sendingsdeputate gelde gekanaliseer vanaf *De Verre Naasten (DVN)* na hulpbehoewende Teologiese studente. Aangesien DVN hulle steun met 75% afgeskaal het, het die sendingsdeputate toegesê om in 2011 te help finansier, waarna hul betrokkenheid by hulpbehoewende studente ook tot 'n einde sal kom.

In hulle verslag het sendingsdeputate daarvoor gewaarsku dat die wyse waarop die kerkverband en sy sendingswerk op die oomblik funksioneer, nie volhoubaar is nie, sowel wat betref finansies as mannekrag. Hulle het daarom voorgestel dat daar later hierdie jaar 'n *indaba* gehou behoort te word, met al die verskillende deputate en rolspelers aanwesig, om te besin oor die situasie en om voorstelle te maak m.b.t. 'n volhoubare toekoms.

Die sinode het met hierdie voorstel ingestem en 'n kommissie aangestel om hierdie *indaba* saam te roep, as die Here wil in Oktober hierdie jaar. Die Sinode het die wens uitgespreek dat deur hierdie *indaba* spesifieke voorstelle aan die kerke gemaak kan word, en dat 'n *ad hoc*-Sinode saamgeroep kan word in Februarie 2012 om besluite te neem.

### **Webwerf**

Die Sinode van Kaapstad 2008 het deputate aangestel om 'n amptelike webwerf vir die VGKSA op te stel. As gevolg van verskeie redes het dit nog nie gebeur nie. Die Sinode het nuwe deputate met hierdie taak aangestel.

### **Kontakte met Kerke in Afrika**

Die deputate vir kontakte met buitelandse kerke het in die verlede heelwat pogings aangewend om kontak te lê met kerkverbande in Suidelike Afrika. Die resultate was oor die algemeen nie baie suksesvol nie, dikwels as gevolg van logistieke redes. Verder moet ook in ag geneem word dat die VGKSA 'n klein kerkverband is met beperkte mannekrag. Daar is daarom in die verlede deur die Sinode besluit om nie met hierdie proses voort te gaan nie. Kontakte met kerke in ander Afrikalande loop deur die Internasionale Konferensie vir Gereformeerde Kerke (ICRC) en sy regionale en sendingskonferensies. Desnieteenstaande is die deputate vir kontakte met buitelandse kerke nog steeds beskikbaar om hulp te verleen aan lede wat vir korter of langer periodes na ander Afrikalande reis of daar verbly.

### **Liturgiese Musiek**

Die deputate vir liturgiese musiek het die Sinode in hulle verslag gedien met 'n begronde voorstel hoe die kerke in die komende jare 'n Afrikaanse Psalm- en Gesangeboek kan saamstel. Hul vertrekpunt was dat so 'n bundel die kerke in staat moet stel om die volledige raad van God in die Nuwe Testamentiese tydperk te besing. Hulle het spesifiek die Heidelbergse Kategismus gebruik om 'n lys saam te stel van die mees basiese leerstellings en gebeurtenisse uit die Woord van God.

Daarna het hulle begin om Psalms en Gesange te identifiseer wat oor hierdie onderwerpe handel. Hul doel is om 'n bundel saam te stel wat, naas die Psalms, 'n seleksie van Gesange bied oor elke leerstelling en gebeurtenis, om so saam die volledige raad van God te reflekteer soos ons dit in die Bybel vind. Op hierdie stadium het hulle reeds 11 gesange goedgekeur wat afkomstig is uit die *Liedboek*. In die toekoms sal hulle soek na uitbreiding van die leerstellings en gebeurtenisse, en meer gesange uit die *Liedboek* en ander bundels.

Die Sinode het hierdie deputate ook gevra om die nuwe 'Skryfberymings' te toets volgens die vasgestelde kriteria. Hoewel hierdie 'Skryfberymings' reeds getoets is deur 'n kommissie in die Pretoria-gemeente wat betref hulle inhoud, is hulle nog nie op hulle musikaliteit getoets nie. Die Sinode het die deputate gevra om vervolgens die 'Skryfberymings' wat deur hulle goedgekeur is, saam met die bogenoemde gesange aan die kerke beskikbaar te stel, sodat die kerke kennis kan maak met hierdie liederen en kommentaar kan lewer. 'n Toekomstige Sinode sal finaal die nuwe bundel goedkeur.

Verder het die Sinode amptelik die Engelse *Book of Praise* (wat die Psalms, 'n aantal Gesange, die Belydenisgeskrifte en die Liturgiese formuliere bevat) goedgekeur vir gebruik in die kerke. Hierdie *Book of Praise* word ook gebruik deur ons Kanadese en Australiese susterkerke.

Die Sinode het ook Sotho-sprekendes in die deputaatskap benoem, aangesien hulle die opdrag gekry het om in die komende jare die gesangebundel te toets wat tans in die Sotho-sprekende kerke gebruik word.

### **Kontakte met Kerke in Suid-Afrika**

Die Sinode het gesukkel om die rapport van deputate vir kontakte met kerke in Suid-Afrika te behandel, aangesien dit slegs enkele ure voor die opening van die Sinode ingelewer is. As gevolg van verskillende redes het die gesprekke tussen hierdie deputate en hul eweknieë in die GKSA die afgelope jare nie plaasgevind nie. Op Woensdag het ds P Kurpershoek die Sinode egter namens die GKSA toegesprek. Gedurende die afgelope jare was daar toenemende kontakte in Pretoria tussen sommige plaaslike GKSA- en VGKSA-gemeentes (VGK Pretoria, VGK Pretoria-Maranata, GK Oos-Moot, GK Totiusdal, GK Die Kandelaar).

Ongelukkig het die kontakte wat daar in Kaapstad gelê is, nie verder ontwikkel nie.

Die Sinode het die deputate gevra om voort te gaan om kontakte te onderhou met die *Free Church of South Africa*. Die Sinode het ook besluit om deputate die mandaat te gee – op hulle versoek – om kontak te lê met die *Church of England in South Africa*. In die Kaap is daar alreeds bepaalde kontakte met hierdie kerkverband, veral wat betref hulle Teologiese opleiding – die George Whitefield College.

### **Gereformeerde Kerken in Nederland (vrijgemaakt) (GKv)**

Namens die Nederlandse susterkerke het ds Van Leeuwen die Sinode toegesprek. Hy het begin deur Josua 22:9-34 te lees. Met hierdie gedeelte wou hy aandui dat dit soms kan gebeur dat daar wantroue tussen susterkerke ontstaan. As gevolg van die

geografiese afstand is dit nie altyd duidelik vir die een kant watter motiverings ten grondslag lê aan bepaalde ontwikkelings aan die ander kant nie. Maar volgens ds Van Leeuwen toon Josua 22 aan dat dit nie onmoontlik is om die Here op verskillende maniere te dien en dan steeds die band van eenheid te bewaar nie.

Die Nederlandse afgevaardigdes het gekla dat die verslag wat deur die deputate vir kontakte met buitelandse kerke (deputate BBK) geskryf is, volgens hulle 'n eensydige beeld van die Nederlandse kerke skets. Behalwe vir die sorgwekkende ontwikkelings, is daar ook positiewe ontwikkelings.

Deputate BBK het daarop gewys dat hulle verslag nie gelees moet word asof hulle druk om die susterkerkverhouding te beeindig nie. Maar om die verhouding gesond te hou, is ernstige gesprekke noodsaaklik, veral in die lig van sorgwekkende ontwikkelings.

Deputate BBK het aangedui dat hulle ervaring is dat die Nederlanders die afgelope jare die SA kerke en hul sake t.a.v. die kerke in Nederland nie ernstig geneem het nie. Die huidige verslag is inderdaad meer konfronterend as in die verlede, met die hoop dat die Nederlandse kerke en hul deputate gewillig sal wees om hulle hierdie keer wel te verbind tot inhoudelike gesprekke. Die Sinode het sy dankbaarheid uitgespreek vir die feit dat die Nederlandse afgevaardigdes hulle vir die komende periode bereid verklaar het tot opbouwende gesprekke. Om hierdie rede het die Sinode besluit om nog nie die voorstelle van deputate BBK ten aansien van die susterkerkverhouding en moontlik beperkings daarop, te behandel nie. Eers moet die gesprekke in die komende periode plaasvind, en die resultaat daarvan afgewag word. Die Sinode het ook die deputate BBK die mandaat gegee om kontak op te neem met hul Kanadese en Australiese eweknieë in hierdie verband.

### **Kerke wat in die afgelope dekade afgeskei het van die GKv**

Sowel die Sinode van Pretoria-Maranata (2005) as Kaapstad (2008) het die broederskap met die *De Gereformeerde Kerken (DGK)* erken, wat in 2003 en daarna van die GKv afgeskei het. Die Sinode Pretoria 2011 het die deputate die mandaat gegee om gesprekke met hierdie kerke voort te sit, en te ondersoek of hierdie kontakte voortgesit moet word.

Wat betref die *Gereformeerde Kerken in Nederland (GKN)* – voorheen bekend as *Voorlopig Kerkverband* – het die Sinode besluit dat dit nog te vroeg is om met 'n amptelike proses te begin om te ondersoek of 'n susterkerkverhouding met hulle aangeknoop moet word. In die tussentyd moet die deputate egter op

die hoogte van ontwikkelings bly. Die *GKN* bestaan uit gemeentes wat aan die een kant van die *DGK* afgeskei het en aan die ander kant van die *GKv*.

### Deputate volgens artikel 11 KO (Steun aan Hulpbehoewende Kerke)

Net soos die sendingsdeputate, het deputate artikel 11 ook die Sinode se aandag daarop gevestig dat die huidige wyse waarop die kerkverband funksioneer, finansiëel nie volhoubaar is nie. Van die agt kerke in die kerkverband is daar slegs drie selfonderhoudend. Dit beteken dat vyf hulpbehoewend is! As die huidige praktyk in die sending ook nog voortgaan om slegs kerke te institueer wat *hulpbehoewend* is, is die toekomspektief vanuit 'n finansiële oogpunt net nog donkerder.

Hieraan toegevoeg die feit dat die grootste deel van steun vir hierdie hulpbehoewende kerke van oorsee kom, word dit duidelik dat die kerkverband homself in 'n baie onstabiele en riskante finansiële posisie bevind. Deputate konkludeer daarom dat iets moet verander. In hulle verslag maak hulle alreeds sommige voorstelle in hierdie verband. Die verslag van hierdie deputate onderstreep weer eens die belang van 'n *indaba* later hierdie jaar, soos die Sinode besluit het.

### Deputate volgens artikel 19 KO (Steun aan Hulpbehoewende Teologiese Studente)

Die finansiële prentjie wat deputate artikel 19 in hulle verslag skets, is nie baie anders as bogenoemde nie. Hul finansiële posisie is ook nie volhoubaar nie. Waar *De Verre Naasten* die meerderheid van Teologiese studente in die verlede ondersteun het, is hierdie steun vir 'n groot deel gestaak. Om dit te vervang, het *Zendingsdeputate Nederland (ZDNL)* belowe om geld vir hierdie doel beskikbaar te maak uit 'n legaat. Tog dui deputate artikel 19 aan dat, nadat dit reeds in ag geneem is, die bydraes uit die kerke ten minste moet verdriedubbel as hulle hul boeke in die toekoms wil laat klop. Hulle het die Sinode daarom versoek om – onder andere – 'n maksimum getal te stel vir hulpbehoewende studente. Die Sinode het nog nie hierop besluit nie, maar wel die komende *indaba* versoek om hierdie saak ook op die agenda te plaas. Aangesien die huidige deputate artikel 19 almal in die Kaap woon, het die Sinode via Skype met hulle gekommunikeer, sodat hulle die vrae wat die afgevaardigdes aan hulle gestel het, kon beantwoord.

### Sinode-kwestor

Die Sinode het probeer om m.b.v. Skype in verbinding te tree met die Kwestor, wat ook in die Kaap woon, maar hierdie keer het die tegnologie ons in die steek gelaat. Gelukkig was daar 'n afgevaardigde met 'n *smartphone* met luidspreker, wat die Kwestor

in staat gestel het om tog te volg wat in Pretoria bespreek is! In sy verslag het die Kwestor gemeld dat sommige kerke hulle kwota trou betaal. Die Sinode 2008 het besluit dat, hoewel hulpbehoewende kerke vrygestel word van die volledige *kwotas*, hulle tog kollekte moet hou vir die verskillende kerkverbandelike onkoste. Die Sinode was nogal omgekrap oor die feit dat sedert 2008 geen enkele hulpbehoewende kerk begin het om dit te doen nie. Die moderamen is versoek om dringend 'n brief aan die hulpbehoewende kerke te stuur, en hulle in te lig oor hulle plig in hierdie verband.

Toe die Sinode aan die einde van sy agenda al die verskillende deputate se versoeke tot toekomstige *kwotas* optel, het geblyk dat dit neerkom op 'n verhoging van 30% in 2012. Die Sinode het besluit dat dit nie van die kerke verwag kan word om so 'n skielike verhoging te betaal nie. Daar is daarom besluit om 'n 10% verhoging reeds te implementeer vir die oorblywende deel van 2011, en dan in 2012 'n verdere verhoging van 18%. Die nuwe syfers vir 2011 lyk soos volg:

Deputaatskap:	Ou bydrae per lid 2011	Nuwe bydrae per lid 2011
Kuratore	R 110	R 90
Art 11 (hulpbehoewende kerke)	R 200	R 220
Art 19 (hulpbehoewende teologiese studente)	R 20	R 65
Sending	R 120	R 130
Boekhouer	R 20	R 20
<b>Totaal</b>	<b>R 470</b>	<b>R 525</b>

### Volgende Sameroepende Kerk

Die Sinode het Bethal (en Johannesburg as moontlike plaasvervanger) benoem as die sameroepende kerk vir die volgende reguliere Sinode, as die Here wil in Mei 2014.

So is die 36<sup>e</sup> Sinode van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika suksesvol afgesluit. Dit beteken egter nie dat daar nie swakhede was wat in die toekoms verbeter moet word nie.

Om enkeles te noem:

- Klassis Noord het nogal gesukkel om sy afvaardiging na die Sinode in plek te kry. Die afspraak is dat elke klassis (Noord en Suid) drie predikante en drie ouderlinge afvaardig. Uit die ses ouderlinge (primi en secundi) wat deur klassis Noord afgevaardig is, was daar slegs twee beskikbaar. Pogings om op die laaste oomblik nuwe broeders af te vaardig,



was onsuksesvol. Die feit dat die Sinode gehou is tydens 'n week waarin daar twee skoolvakansiedae was – iets wat oorspronklik beskou is as bevorderend vir die beskikbaarheid van broeders – het agteraf geblyk juis andersom te werk. Vir die toekoms is dit belangrik dat die kerke saam en elke lid persoonlik hulle weer van harte moet verbind tot die kerkverbandelike take. Persoonlike prioriteite behoort opsy geskuif te word vir werk wat in die kerke moet gebeur, wat tog die bruid van Jesus Christus is! - 'n Ander voorbeeld van slegte 'dientslewering' is die feit dat heelwat deputaterapporte veels te laat ingehandig is. Die rapport van deputate vir betrekkinge met kerke in Suid-Afrika was eers 'n paar uur voor die aanvang van die Sinode beskikbaar, terwyl die Sinodereëls vereis dat dit ten minste vier maande voor die tyd na die kerke gestuur moet word! Die kerke kon dus nie kennis neem van die inhoud van hierdie rapport nie. Kom ons kry ons prioriteite in orde!

Die Sinode is afgesluit deur saam te lees uit Openbaring 22. Vir 'n week lank het die afgevaardigdes en adviseurs, sowel van oorsee as plaaslik, saamgekom om te praat en te besluit oor sake van gemeenskaplike belang. Maar voordat elkeen weer in verskillende windrigtings vertrek het, het ons aan mekaar belowe dat elkeen van ons – waar die HERE

ons ook al geroep het – sal voortgaan om te bou op dieselfde fondament, wat Jesus Christus is en sy betroubare Woord, in afwagting van sy spoedige wederkoms:

*"Kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees. Ek is die Alfa en die Omega, die begin en die einde, die eerste en die laaste. Salig is die wat sy gebooie doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad... Want ek betuig aan elkeen wat die woorde van die profesie van hierdie boek hoor: As iemand by hierdie dinge byvoeg, dan sal God oor hom die plaë byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is. En as iemand iets van die woorde van die boek van hierdie profesie wegneem, dan sal God sy deel wegneem uit die boek van die lewe en uit die heilige stad en uit die dinge waarvan in hierdie boek geskrywe is. Hy wat dit getuig, sê: Ja, Ek kom gou. Amen, ja kom, Here Jesus! Die genade van onse Here Jesus Christus sy met julle almal! Amen."*

*Voorsitter: ds C Kleijn*

*Ondervoorsitter: ds PG Boon*

*Skriba: br T de Wit*

## HEILSHISTORIESE PREDIKING in ons tyd (1)

### Leer & Lewe

**Heilshistoriese prediking is nog altyd aktueel, al is die tema moontlik nie meer so bekend vir elkeen van ons nie. Ons wil graag fokus op wat heilshistoriese beteken en ook die praktiese toepassing toelig.**

Weet u wat met heilshistoriese prediking bedoel word? Ons lewe in 'n vinniger, moderner samelewing wat maklik tot gevolg kan hê dat kernbegrippe verlore gaan.

In ons kerke was (en hopelik is) heilshistoriese prediking 'n bekende kernwoord. Dit neem ons dan weer terug na die dertiger- en veertigerjare van die vorige eeu waar daar gedebatteer is oor wat die "eksemplariese rigting" ons leer en wat die heilshistoriese weg daarteenoor sê. Meer oor heilshistoriese prediking in ons tyd in die volgende artikel (2).

**In debat met die eksemplariese rigting**

Die diskussie het hoofsaaklik gegaan oor die vraag hoe ons moet praat oor historiese materiaal, met name die Ou Testament. Die historiese tekste word op hoorders toegepas deur aan hulle die voorbeelde uit die Ou Testament voor te hou. Dit kan 'n positiewe voorbeeld of 'n waarskuwende voorbeeld wees. So moes veral vroeëre gemeentes hulself op die een Sondag vergelyk met geloof van Abraham en die volgende Sondae moet hulle hulself vergelyk met preke oor worsteling van Jakob, standvastigheid van Josef, owerspel van Dawid, verloëning van Petrus, verraad van Judas, twyfel van Thomas, ensovoorts. K Schilder het egter hierteenoor 'n aantal fundamentele besware gehad. Hy het nog teoloë om hom geskaar wat dieselfde idee en visie hieromtrent deel.

Hulle het die besware as volg saamgevat:

### **Fragmentering van Heilsgeskiedenis**

By die eksemplariese benadering word die eenheid van die heilsgeskiedenis in stukkies gebreek. Die geheel van die Skrif word uitmekaar getrek tot 'n versameling van daadwerklike leersame verhale wat los van mekaar staan. Die lyn of draad van God se werk raak verlore. Vanaf die paradysbelofte is Hy besig om in Christus tot Sy volk te kom. In 'n heilshistoriese prediking sal die realiteit uitkom op watter oomblik in die geskiedenis God se heilsplan geplaas of gesien kan word.

### **Atomisering van tekste**

Die gevaar bestaan dat afsonderlike Skrifgedeeltes op 'n ordelike manier in kleiner eenhede opgedeel word. 'n Preek word so dan maklik 'n skildering van voorvalle of fragmente van populêre Bybeluitleg, elke keer weer gevolg deur een of meer lesse vir die hoorders. Die lesse kan wissel van die geestelike lewe, morele sake tot aktuele sake. 'n Voorganger kan nie alles oor 'n bepaalde Bybelgedeelte in een keer sê nie. Dit word dus nou meer bedenklik as die teks in stukkies opgebreek en die hoofstruktuur in die skaduwee geplaas word, met die gevolg dat die hele omvang van die teks nie meer tot sy reg kom nie.

### **Allegorese**

Die neiging tot eksemplariese prediking het ook te make met die feit dat die teks op die hoorder toegepas word anders as om dit op die heilshistoriese lyn toe te pas wat die voortgang van die geskiedenis van God met Sy volk behels. By eksemplariese prediking dreig die historiese voortgang en die historiese afstand tussen die Bybel en die gemeente om weg te kwyn. Die Skrif word gesien as 'n versameling van tydlose, geestelike waarhede of voorbeelde vir ons.

### **Vergeesteliking en verinnerliking**

Vergeesteliking en verinnerliking staan parallel met mekaar. Dit wil sê dat die betekenis van Bybelse verhale in die eksemplariese prediking sterk toegespits word op die innerlike of geestelike ervarings van die hoofrolspelers. So word dan maklik die brug gebou na die ervaring van die hoorders en ons tyd. Die gevolg hiervan is dat die geskiedenis wat in die Skrif beskryf word, geteken word as 'n pad met ervarings vir elke mens. Die feitlikheid van die heilsgeskiedenis vervaag hiermee. Hierdeur word die gevaar van konsentrasie op die innerlike en op die individu net groter. Met al hierdie dinge in gedagte keer Schilder hom nie alleen teen byvoorbeeld die pinksterbewegings nie, maar ook teen sekere bepaalde tendense in die "bevindelike rigting" binne die gereformeerde kringe.

### **Vinnige blik van die geskiedenis**

In die eksemplariese prediking word daar baie vinniger deur die historiese kant van die Bybelse geskiedenis gegaan. Dit word gelees as 'n versameling van morele voorbeelde. 'n Is-gelyk-aan-teken (=) word maklik geplaas tussen die situasie van die teks en dié van die teenswoordige hoorders. Onvoldoende aandag word aan teks en hoorders gegee. Die historiese afstand van "toe" en "nou" verdwyn. So gaan dit dan slegs oor belewenisse van mense, sterk kante van hul karakter of oor afdwaling van hul geloof.

### **Psigologisering**

Met die eksemplariese prediking word in die rigting beweeg om 'n psigologiese inkleuring te gee aan Ou-Testamentiese geskiedenis, wat geen grond vind in die teks self nie. Psigologiese bespiegeling word gebruik om die hoorder in eie tyd te "bereik". Verteenwoordigers van die heilshistoriese rigting het wel volkome saamgestem dat dit Skrif-aanknopingspunte bied vir psigologiese toepassings. Hier verwys hulle dus baie spesifiek na die Psalms. Maar by die historiese inligting/-stof is elke vorm van psigologisering verbode.

Hierdie vyf besware teen die eksemplariese rigting draai op die ou end almal om een vaste middelpunt en oorvleuel mekaar ook op verskillende punte. Die kern is in elk geval dat die eksemplariese prediking te veel en te dadelik toegespits word op die teenswoordige/eietydse hoorder. Hierdeur verdamp die groot bande van God se heilsweg.

### **Die Heilshistoriese Weg**

Wat is die standpunt van die heilshistoriese rigting hierteen-oor? Met die besware teen die eksemplariese rigting word die kontoere duideliker vir dit wat die heilshistorici voorhou. Hieronder lig ons kernagtig uit wat die visie en standpunte van Schilder, Holwerda en hul aanhangers is.

### **Die heilshistorie is geskiedenis**

Volgens Schilder is alle geskiedenis heilsgeskiedenis, omdat God in die hele geskiedenis bly werk aan Sy een groot werk: die koms van Sy Koninkryk. Elke tydstep in die geskiedenis is dus gekoppel aan die hand van "annus Domini" – die jaar van ons Here Jesus Christus. Prediking moet dus die volle breedte van die historiese werklikheid en die feite van God se heilsbeweging bevat.

### **Die heilsgeskiedenis is 'n eenheid**

Die Bybel beskryf die een, voortgaande geskiedenis van heil. Volgens Schilder is die eenheid gegrond in die een en ewige raad van God.

Dit is mos die "werksprogram" wat die Vader, Seun en Heilige Gees vasgestel het voor die tyd om uit te voer in die tyd. Die eenheid van die geskiedenis het in elk geval alles te doen met die enkele middelpunt van die heilsgeskiedenis in die koms van ons Here Jesus Christus. So bepleit die heilshistoriese rigting sterk die Christologiese of Christo-sentriese prediking van die Ou Testament, waarin die heilsgeskiedenis nie in talle dele uitmekaar val nie.

### **Die Heilsgeskiedenis is progressief**

Nou is in die geskiedenis van die heil progressie of deurgaande ontwikkeling ter sprake. Soos die tyd aangaan of voortbeweeg kom God steeds nader aan Sy uiteindelijke doel. Sodoende ken die heilsgeskiedenis bepaalde fases of periodes. Vandaar die volgende definisie van Schilder betreffende heilshistoriese prediking: "'n Preek oor 'geskiedkundige materiaal' is slegs 'n preek as dit Gods werk van Selfopenbaring ter verlossing in Christus aanwys en die lyn van die werk deur al die eeue en die Bybel in verband bring".

### **Heilsgeskiedenis is gerig op die teenswoordige/luisteraar**

Die voorstanders van die eksemplariese rigting voer aan dat daar dikwels geen toepassing in 'n heilshistoriese preek is nie, en selfs dat dit heeltemal ontbreek. Dit is dus geskiedenis wat 'n bepaalde "datum" het binne die geheel van die heilsgeskiedenis en daardeur 'n eenmalige en onherhaalbare karakter het. In so 'n geval word dit moeilik (dalk onmoontlik) om die toepaslikheid van dergelike unieke gebeurtenisse prakties toepaslik en persoonlik te maak vir die hoorder van vandag. Teen sulke

beskuldigings het Schilder, Holwerda en hul medewerkers hul altyd kragtig verset. Hulle verwyrt dan weer die eksemplariese prediking dat hulle so maklik en goedkoop allerlei "toepaslike lesse" uit die Ou Testament aflei. Die wyse waarop so 'n boodskap by die hart en lewe van die hoorder uitkom, verwoord hulle soos volg: Die Bybelteks gee 'n bepaalde fase weer in die worsteling van God om in Christus Sy Koninkryk op aarde te vestig. Maar in hierdie worsteling is die hele kerk van alle tye en plekke betrokke. Ons staan dus in dieselfde worsteling as waarin hulle toe gestaan het. Langs hierdie lyn word die betekenis van die historiese gedeeltes in die Ou Testament vir die gemeente van vandag duidelik. Hierby word by die heilshistoriese rigting sterk nadruk gelê op die feit dat die heilshistoriese verklaring die karakter van die toepassing beslis. Dit het soms tot gevolg dat preke, oordenkings of Bybelstukkies wat so geskrywe is, 'n sterk objektiewe karakter dra: die mens van die 20ste eeu word in sy worsteling en ellende, in sy vreugde en geloof omtrent nie aangespreek nie. Dit is egter nie die bedoeling van die heilshistoriese rigting nie. Dit geld ook nie vir alle preke nie. So is die preke van Holwerda wel deeglik toegespits op die mens van toe in sy geestelike stryd en aktuele situasie. Dieselfde kan ook van die preke van Schilder gesê word.

*(word vervolg)*

*Bron: **Nader Bekeken**, Jaargang 18 no 1, Januarie 2011, geskryf deur A Baars en verwerk deur Roelof de Jong.*



## **Van BRANDENDE POORTE na STRATE van GOUD - *Hot gates* deur Laurika Rauch en Chris Torr -**

### **Kuns & Kultuur**

*London, Paris, Rome, Berlin...*

Laurika Rauch en Chris Torr se liedjie *Hot Gates* is al in 1995 op album vrygestel. Tog bly

hierdie liedjie 'n treffer. Hoe indrukwekkend word die slagvelde van hierdie wêreld nie gekontrasteer met die goue strate van 'n toekomstige stad nie! Die liedjie word deur baie mense as Laurika se beste liedjie beskou en is al dwarsoor die wêreld uitgevoer. Alles saam 'n goeie rede om 'n keer in diepte na hierdie liedjie te kyk.

### **Laurika Rauch en Chris Torr**

Laurika Rauch is gebore in die Kaap en studeer drama in Stellenbosch. Sy werk onder andere as aktrise, Afrikaans-onderwyseres en lektrise. Vanaf 1979 is sy 'n voltydse sangeres. Sy het al twintig albums vrygestel, vele toekennings ontvang en al in België, Nederland, Londen, Tsjeggië en Duitsland opgetree. In 1984 is Laurika getroud met Chris Torr. Toe sy met hom trou, kon sy nog nie vermoed dat hy eendag die skrywer en komponis van haar grootste trefferliedjies sou wees nie! Dit is eers toe hulle al 'n

hele paar jaar getroud was dat hy sy eerste liedjie *Op Blouberg se strand* geskryf het.

Hierdie boerseun het opgegroeï in die Karoo en sy eerste taal is Engels. Tog skryf hy die meeste van sy liedjies in Afrikaans. In die gewone lewe is hy 'n professor in Ekonomie. Laurika Rauch som die temas van sy liedjies soos volg op: *Kinderherinneringe, die verlies van onskuld, die liefde, besondere karakters, die Karoo, sosiale kommentaar en die weer en hoe die afwesigheid van reën gelykgestel word aan die afwesigheid van liefde.*

### **Hot Gates**

Die teks van die liedjie *Hot Gates* bestaan – met uitsondering van die refrein – uit 'n aaneenskakeling van 58 plekname. Hierdie plekname roep allerhande konnotasies op. Die liedjie begin met *London, Paris, Rome, Berlin*. By hierdie stede dink 'n mens in die eerste plek aan groot stede in die wêreld – bakens van die Westerse beskawing. Maar soos die liedjie verder gaan en bekende plekname uit die Tweede Wêreldoorlog of slagvelde uit die Suid-Afrikaanse geskiedenis genoem word, besef 'n mens dat al hierdie stede by nader insien in gemeen het dat hulle slagvelde is wat mense se lewens dwarsoor die wêreld verander het.

Vanwaar die **titel** *Hot Gates*? Die omslag op die CD gee 'n leidraad. Daar staan 'n aanhaling uit die gedig *Gerontion* van die Engelse digter **T.S. Elliot**.

*I was neither at the hot gates  
Nor fought in the warm rain...*

In die gedig dink die spreker terug aan sy lewe waarin hy weinig opsienbare dinge beleef het. Chris Torr neem hierdie frase by Elliot oor om brandpunte uit die wêreldgeskiedenis aan te dui.

Die frase *Hot Gates* is die letterlike vertaling van die Griekse pleknaam *Thermopylae*. In 480vC het in die bergpas by *Thermopylae* 'n vurige veldslag plaasgevind tussen die Grieke en Persiese invallers. Hierdie veldslag het later een van die bekendste veldslae in die Westerse geskiedenis geword. *Thermopylae* is ook die laaste pleknaam wat in die liedjie genoem word, en is gebruik as titel in die Afrikaanse vertaling van die lied. Die titel *Hot Gates* dui ook alreeds daarop dat die brandpunt van hierdie wêreld nie die einde is nie. 'n Hek is 'n deurgang, 'n poort na 'n toekomstige wêreld.

### **Plekname**

Chris Torr het nie willekeurig die plekname agtermekaar ingeryg nie. Dit werk pragtig as 'n **gedig**. Elke reël vorm 'n metriese eenheid deur die gebruik van sewe lettergrepe. Hy gebruik eindrym – elke

### **HOT GATES**

LONDON PARIS ROME BERLIN  
BARCELONA WASHINGTON  
MOSCOW BEIJING TOKYO  
JERUSALEM JERICHO  
WACO WACO BETHLEHEM  
SREBRENICA SEBOKENG  
SARAJEVO O SAIGON  
HIROSHIMA RUBICON

### **CHORUS:**

I CAN SEE A FIERY, FIERY GLOW  
EVEN AS THE SUN IS SINKING LOW  
I CAN SEE A HORSEMAN ON THE RUN  
OH MY DAUGHTER, OH MY SON

DUNKIRK DOVER NORMANDY  
FRANKFURT NEW YORK LOCKERBIE  
AMAJUBA BELLEVUE  
CHAPPAQUIDDICK WATERLOO  
BUCHAREST ST PETERSBURG  
HEILBRON HOBHOUSE GETTYSBURG  
BELFAST BUDAPEST BAGHDAD  
BERCHTESGADEN STALINGRAD

### **CHORUS**

CARTHAGE DRESDEN BABYLON  
SHARPEVILLE MY LAI BOIPATONG  
DELVILLE WOOD EL ALAMEIN  
ST HELENA MITCHELL'S PLAIN  
BALAKLAVA AUSTERLITZ  
BELSEN BUCHENWALD AUSCHWITZ  
NAGASAKI O VERSAILLES  
ARMAGEDDON THERMOPYLAE

### **CHORUS**

### **REPEAT CHORUS:**

THERE'S ANOTHER SONG THAT WILL BE SUNG  
THERE'S ANOTHER BELL THAT MUST BE RUNG  
THERE'S ANOTHER CITY I'VE BEEN TOLD  
WHERE THE STREETS ARE PAVED WITH GOLD  
THERE'S ANOTHER CITY I'VE BEEN TOLD  
WHERE THE STREETS ARE PAVED WITH GOLD - - -

volgende reël se laaste lettergreep rym op die voorafgaande. Verder is daar alliterasie, bv. **S**rebrenica, **S**ebokeng, **S**arajevo, o **S**aigon en assonansie, bv. **M**oscow, **B**eijing, **T**okyo.

Dit is ook treffend hoe die klanke as't ware steeds meer eksplisief word namate die liedjie vorder. Dit word nog versterk deur Laurika se vertolking. Klink die eerste reëls nog redelik gemaklik op die oor, is

die laaste Balaklawa, Austerlitz, Belsen, Buchenwald, Auswitsch vol eksplisiewe konsonante.

Ook inhoudelik het die plekname wat naasmekaar geplaas word, dikwels 'n verband. Dit is die moeite werd om op 'n paar dieper in te gaan:

### **Waco, Waco, Betlehem**

Waco is 'n plekkie in Amerika waar 'n sekteleier, David Koresh, homself as 'n nuwe Messias verklaar het. Hy eien homself allerhande regte toe en stig 'n gemeenskap waarbinne baie onheilighede gebeur. In die proses maak hy byvoorbeeld baie van sy medesektelede swanger, selfs meisies onder 14 jaar. In die Amerikaanse regering se poging om die sekte se basis *Mount Carmel* te ontset, is 76 van die sektelede dood.

In die liedjie word Waco langs Betlehem geplaas. Die selfaangestelde Messias se woonplek naas die geboorteplek van die werklike Messias. Betlehem het ook 'n bloedige verlede, dink aan die kindermoord. Wanneer Laurika die liedjie sing, kan die woorde ook klink soos: "*Wac- awake o Betlehem.*" Hierdeur kry hierdie sin 'n dubbele betekenis waarin die volgelingen van die ware Messias opgeroep word om wakker te wees en op hulle hoede te wees vir sulke valse profete.

### **Sharpeville, My Lai, Boipatong**

In Sharpeville – 'n *township* naby Vereeniging -- het in 1960 'n opstand van die bevolking uitgebreek. Die polisie het op die demonstrante begin skiet en in die proses is 60 mense dood. In Boipatong is in 1992 46 gewone burgers doodgeskiet deur invallers wat onwillekeurig in die donker begin skiet het. Die twee Suid-Afrikaanse plekname word weerskante van die Viëtnamese My Lai geplaas. Hier is 347 Viëtnamese burgers deur Amerikaanse soldate in die Viëtnamoorlog doodgeskiet. Die plasing van hierdie drie plekname bymekaar vra die aandag vir die lot van gewone burgers teenoor gewelddadige magte waarteen hulle geen verweer het nie.

### **Frankfurt, New York, Lockerbie**

In 1988 was daar 'n vliegtuig van Frankfurt op pad na New York. 'n Bom aan boord ontplof en alle insittendes van die vliegtuig sterf. Die stukke van die vliegtuig val op huise in die Skotse dorpie Lockerbie. Die totale aantal slagoffers was 270. Die bomaanslag was 'n terroristiese aanval van Libië teen Amerika.

**Dunkirk, Dover, Normandy** is al drie slagvelde uit die Tweede Wêreldoorlog terwyl **Belsen, Buchenwald en Auswitz** konsentrasiekampe uit dieselfde oorlog is.

Verskeie van die name kom uit die Suid-Afrikaanse geskiedenis: So is **Amajuba** 'n slagveld uit die Anglo-Boere oorlog, was daar in **Heilbron** 'n konsentrasiekamp en is boere op **St. Helena** krygsgevangene gehou. Suid-Afrikaanse soldate het tydens die Tweede Wêreldoorlog in Noord-Afrika by **El Alamein** saam met die geallieerdes gaan veg. In **Sebokeng, Sharpeville en Mitchellsplaai** het daar tydens die sogenaamde *struggle* bloed gevloei.

Die tweede laaste plek wat genoem word, is **Armageddon**. Hierdie is nie 'n plek wat 'n mens op 'n wêreldkaart sal kry nie. Die plek word genoem in Openbaring 16:16 en word beskou as 'n plek waar die laaste veldslag van hierdie aarde sal plaasvind. Dit word afgelei van Openbaring 16:14 waar geskryf staan: "*Want dit is die geeste van die duiwels wat tekens doen, wat uitgaan na die konings van die aarde en die hele wêreld, om hulle te versamel vir die oorlog van daardie groot dag van die almagtige God*". Teoloë verskil oor waarop Armageddon dui. Waarskynlik staan dit simbool vir die groot (eind)stryd tussen die magte van die kwaad en Christus en sy kerk. Ons is nou al in die periode van die eindtyd.



"Another horseman on the run"  
Die vier ruiters van die Apokalips (ca 1497)  
Albrecht Dürer, houtsnee

Die aaneenskakeling van plekname word afgewissel met 'n **refrein**. Die eerste refrein is onheilspellend. 'n Vurige gloed wat op die horison te sien is. *Another horseman on the run* verwys na die vier perde uit Openbaring 6. Die sin *o my daughter, o my son* vestig die aandag op die gevolge van hierdie veldslae op gesinne en herinner ook aan frases uit die Ou Testament.

In die tweede refrein glinster daar hoop. Na die eidelose reeks stede waar onheil bo-op onheil stapel terwyl dit lyk of daar geen einde in sig is nie, kom daar nou uitsig op 'n ander stad. Dit is 'n stad wat sterk kontrasteer met die aardse **Jerusalem** aan die begin van die lied. Die nuwe Jerusalem waar die strate van goud is. Openbaring 21:21 beskryf dit soos volg: "...en die straat was suiwer goud soos deurskynende glas". Daar is 'n ander lied wat gesing gaan word en 'n ander klok wat sal klink. Waar aan die begin van die lied 'n klok die onafwendbare

verloop van tyd en onheil aandui, eindig die lied met 'n vreugdevolle, ekstatische kloggelui. 'n Nuwe era van ewigdurende vrede en vreugde word ingelui.

In die lied kom ons sterk onder die indruk van die barendsnoed waarin die wêreld op die oomblik is. Tog weet ons dat die geskiedenis draai om die voortgang van die kerkvergaderende werk van Christus. Alle veldslae, onreg, moord en doodslag wat op aarde gebeur, is nie toevallig nie, maar het sy plek in God se uiteindelijke plan met hierdie aarde waarnatoe Hy werk: die herstel van alle dinge en die hemelse Jerusalem wat op aarde sal neerdaal.

**Jenny Boon** is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria-Maranata.

## EINDE van die WESTERSE kultuur?

### In Pers-pektief

#### **Kultuur en Ekonomie Gekoppel?**

Die ekonomie vorm 'n basis-element van die groot wêreld-kulture. Tot by die middeleeue het die ekonomie van 'n land deurgaans gegroei deur oorwinnings-oorloë, waar skatte uit ander lande geroof is (dink ook aan Dawid, Nebukadnesar en Belsasar). Die verowerde rykdomme het die kultuur van die land laat opbloeï. Hierdie effek van oorloë is stadigaan vervang deur internasionale handel. Die kultuur van die stad-staat Venesië het in die 15<sup>e</sup> eeu opgebloeï toe sy handel in die Middellandse See-gebied en later met India en China sterk ontwikkel het. Wes-Europa het tot bloei gekom in die 17<sup>e</sup> ("goue") eeu toe hierdie lande se internasionale handel en latere koloniserings sterk gegroei het. Die handel is later ondersteun deur sterk produksie-ontwikkeling, soos in die VSA en Wes-Europa in die 20<sup>e</sup> eeu. Nou was daar volop handelsgoedere om aan ander te verkoop.

Saam met die handelsgoedere is ook die kultuur uitgevoer. Die VSA met sy sterk ekonomie het 'n oorheersende rol gespeel in die ontwikkeling van die westerse kultuur met films, musiek, boeke, ens. Hierdie kultuur-produkte het ook 'n uitvoer-industrie geword na die res van die wêreld (soos films en popmusiek).

Kultuur sou 'n mens kon beskryf as dit wat mense verhef bo hulle materiële sake. Die aanname kan dus gemaak word dat 'n land se kultuur afhanklik is van sy ekonomie, waar 'n sterk ekonomie die kultuur-ontwikkeling dra. Maar is hierdie aanname reg of is dalk eerder die omgekeerde die geval of is daar glad nie 'n koppeling nie?

#### **Westerse Krediet- en Skuldekrisis**

In 2008/09 het die westerse wêreld deur 'n *krediet-krisis* gegaan. Te veel geld is deur mense en owerhede geleen wat by afwesigheid van inkomste-groei nie meer terugbetaal kon word nie. Die nasionale owerhede het die banke toe uit hulle verknorsing gered met staatslenings. Nou druk hierdie skulde en ander staatskulde swaar op die ekonomieë en kry Europese lande soos Griekeland, Ierland en Portugal besonder swaar. Gevolglik krimp die ekonomieë van 'n hele aantal westerse lande sterk en praat hulle van 'n *skuldkrisis*. Die VSA se staatskuld van 14 000 miljard dollar (!) word grootliks deur China gefinansier en hierdie nie-westerse diktatoriale land hou nou die grootste ekonomie van die wêreld stewig in sy greep.


Betekening die daling van die westerse ekonomie dan nou ook die agteruitgang van die westerse kultuur? Gaan ons oor 'n rukkie net hoor van filmsterre en



produkte uit Bollywood, eerder as uit Hollywood, kry ons 'n Mai Kal Tjek Son? Oor hierdie sake het Ruurd Ubels 'n artikel geskryf in die *Nederlands Dagblad* van 16 Julie 2011 onder die titel: "Loopt westerse kultuur echt op haar laatste benen?".

### Kultuur val met Ekonomie?

Ubels haal die Britse filosoof John Gray aan wat reeds in 2008 oor die kredietkrisis gesê het (in my vertaling, HM): "Hierdie is meer as 'n finansiële krisis. Wat ons nou sien, is 'n historiese geo-politieke verskuiwing waarby die wêreldwye magsbasis onherroepelik verskuif het." Ook die Nederlandse kultuur-filosof Egbert Schuurman stem saam dat die Weste by die oorgang na 'n ander tydperk staan. Hy sê: "Ons samelewing is 'n opgeswepte materialistiese kultuur wat nou vasloop teen sy grense, in die vorm van finansiële beperkings. Die vanselfsprekendheid van 'n steeds groeiende welvaart is verby: ons kan nie langer skuld op skuld stapel nie. Ons het goeie rentmeesterskap verontagsaam. Die VSA is besig om finansiël te ontplof en dan stry Republikeine en Demokrate nog oor die staatskuld." Die verskeie krisisse wat die westerse ekonomie sedert 2000 pla, kan in beginsel toegeskryf word aan hebsug en hoogmoed. Die destydse Nederlandse minister Wouter Bos het in 2009 gesê: "Ons moet self 'n nuwe ewig vind voordat deugde soos matigheid en beskeidenheid kan wortel skiet in die finansiële markte."



Ubels haal prof Kishore Mahbubani van die Nasionale Universiteit van Singapoer aan wat in 2008 'n boek geskryf het: "*The new Asian hemisphere: the irresistible shift of global power to the east*" (die nuwe Asiatiese wêrelddeel: die onweerstaanbare verskuiwing van die wêreldmag na die Ooste). Volgens Mahbubani

is die ondergang van die westerse oorheersing en die opkoms van die Asiatiese niks anders as die herstel van ou verhoudings nie. Want Asië was die ekonomiese sentrum van die wêreld van die begin van ons jaartelling tot die begin van die 19<sup>e</sup> eeu. Die Weste is volgens hom steeds besig om "die dekstoele van die Titanic rond te skuif terwyl die skip vergaan".

Die Weste het die val van die Berlynse Muur en die "ystergordyn" 20 jaar gelede gevier as 'n oorwinning van die westerse ekonomiese en morele waardes. Maar die opkomende lande in die Derde Wêreld wil nie verwesters nie. Die meerderheid van die

wêreldbevolking wil volgens Mahbubani nie 'n kopie van die Weste word nie. Die ekonomieë van Asië groei sterker as dié van die Weste, Asië produseer meer hoogopgeleides en die aandeel van Asië in die wêreldwelvaart word al hoe groter. Volgens Mahbubani moet die Weste leer om met Asië saam te werk, eerder as om dit te oorheers.

Schuurman betwyfel of die wêreld beter word deur 'n groter rol van Asië in die wêreld-ekonomie en -kultuur. Die Chinese ekonomie word gekenmerk deur 'n amper ongeremde super-kapitalisme. Terwyl die Weste besef dat die materialisme tot probleme lei, is die Asiate nog daardeur begeester. Dit sal die probleme wat deur die kapitalisme veroorsaak word, slegs vererger.

Ook prof Arjo Klamer van die Erasmus Universiteit van Rotterdam bevraagteken die afleiding van Mahbubani. Hy betwyfel of die westerse oorheersing sal afneem as gevolg van die huidige ekonomiese probleme. Hy stel dat 'n ekonomiese oorheersing steeds moet saamgaan met 'n kulturele oorheersing, maar dat 'n sterk ekonomie nie steeds saamgaan met 'n sterk kultuur nie. In die 1970's het Japan 'n sterk ekonomiese groei gehad, maar hy het nie 'n sterk kultuur gehad nie. Dis nou ook weer die geval met China. China sou die helfte van Griekeland kon opkoop, maar het daarmee nog nie 'n skeppende industrie, argitektuur, moderne kuns of wetenskap nie. En hierdie sake is onmisbaar vir 'n sterk kultuur, soos die VSA wys. Hoewel die universiteite in Asië baie afgestudeerdes oplewer, is hulle kwaliteit laer as dié van die Weste. Die wens van baie Asiatiese studente is om in die VSA of Europa te studeer. Hulle besef blykbaar die verskil, aldus prof Klamer.

### Beoordeling

Tot sover die aanhalings en samevatting van die artikel in die *Nederlands Dagblad*. Wat kan ons hieruit aflei? Moet ons bekommerd raak oor die westerse ekonomie en kultuur?

Wat hierbo nie uitdruklik genoem is nie, is die samehang tussen kultuur en geestelike dryfkrag van 'n volk of volkere. In sy boek "Christus en kultuur" het prof K Schilder die kultuur sterk gekoppel aan 'n lewende kerklike gemeente (getroue ouderlinge as kultuur-werkers), in teenstelling met die onkerklike "kultuur-slampampers". As 'n volk geestelike besieling het, stimuleer dit die kultuur. Die totalitêre regimes van die 20<sup>e</sup> eeu (soos Nazi-Duitsland en die Sowjet-Unie) het wel probeer om die kultuur van bo af te stimuleer, maar dit het nie by die volk aangeslaan nie en het saam met die regimes verdwyn (Olaf Tempelman in die kunsbylae van *De Volkskrant* van 15 Julie 2011).

Wat ons sien in die geskiedenis, is dat die "ou beskawings" verdwyn het deur oorloë / verowering (Babilonië, Egipte) of deur geestelike verval (die Romeinse Ryk). Ekonomiese welvaart op sigself kan "leeg" wees, soos by Japan en China en toenemend in die westerse wêreld. Ons moet dus beskeie wees oor die waarde en krag van die "westerse kultuur". Dit mag wees dat die westerse kultuur sy oorheersing gaan verloor deur geestelike uitholling. As in die Chinese samelewing, na die verdwyning van die totalitêre kommunistiese diktatuur, die Christendom sal opbloeï, sal ook die kultuur daarmee saam kan opbloeï.

Ekonomiese groei en Christendom is egter ook nie voldoende elemente vir die opbloeï van kultuur nie. In die *Nederlands Dagblad* van 9 Julie 2011 staan 'n onderhoud met prof In-Sub Ahn van die Chongshin Universiteit van Seoul in Suid-Korea. Hy was op 'n studiebesoek in Europa. Daar is in Korea, ná die begin van die sendingwerk in 1880, inmiddels ten minste 20% van die bevolking Protestants. Verder het die land ná die Koreaanse oorlog van 1953 geweldig sterk ontwikkel op tegnologiese en ekonomiese gebied.

Maar prof In-Sub Ahn stel vas dat daar in Korea nog 'n "waterskeiding" is tussen geloof en lewe. Hy sê: "Dat die geloof 'n spirituele kant het, is onbetwisbaar. Maar dat die geloof ook iets te sê het in hierdie

wêreld, in die lewe van elke dag, is minder vanselfsprekend. Wat beteken die geloof vir die verhouding met die mense om ons? Op hierdie gebied het die Reformasie (in Korea) nog nie deurgewerk nie." As daar in Korea meer balans kom tussen geloof en lewe, sal dit sorg vir 'n sterk eie identiteit vir die Asiatiese Christene.

Ons sou dus kon stel dat die kultuur gevoed word deur die geloof en dat dit moontlik gemaak word deur ekonomiese welvaart. As die geloof sterk is, maar die welvaart ontbreek, soos in die 16<sup>e</sup> eeu in Europa, is daar min geleentheid vir opbloeï van die kultuur. As daar slegs welvaart is en geen religieuse besieling nie, sal die kultuur ook nie opbloeï nie. Slegs deur geloofsbesieling wat deurwerk in die lewe van elke dag en beskikbare ekonomiese middele sal kultuur kan opbloeï.

Gelukkig is ons nie afhanklik van die oorlewing al dan nie van die westerse kultuur nie. Ook as dit moontlik vervang word deur 'n kultuur uit Asië, sal daar geleentede wees om in die geloof besig te wees in God se skepping en die materiële middele en kultuur-geleentede wat Hy gee, te ontplou, tot Sy eer en ons vreugde.

**Hans Moes** is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Kaapstad.



★ **UITMUNTENDE KWALITEIT KOFFIE**

BESTEL DIREK VIR GENOT  
TUIS OF OP KANTOOR  
[WWW.PIERRELOTTI.CO.ZA](http://WWW.PIERRELOTTI.CO.ZA)

**08600-COFFEE**

# EWOLUSIE – REVOLUSIE?

## Reaksie

Na aanleiding van die artikel "Skepping en Ewolusie" in die *Kompas* van Februarie 2011 wil ek graag enkele opmerkings maak. Ongelukkig het ek nie die geleentheid gehad om natuurwetenskap en biologie, my liefde, te studeer nie. Tog wil ek wel enkele opmerkings maak, naamlik vanuit die natuur en Skriftuur.

Dit is in genoemde artikel opvallend dat voortdurend gepraat word oor *evolusie*; slegs in die laaste reël word die woord ewolusie-teorie terloops genoem. En dikwels word onmiddellik die ewolusie verwerp, en daarmee die gesprek afgesluit. Dis amper gevaarlik om so 'n gesprek op gang te hou.

Die woord *evolusie* beteken draai, verder draai, ons sou dit ook kon omskryf as aanpassingsvermoë en ontwikkeling. By veranderende omgewingsfaktore het die lewende natuur die gawe om daarby aan te pas. Ons sien dit gebeur in die natuur, dink bv. aan natuurlike mutasies, erflike veranderings, waardeur nuwe spesies kan ontstaan. In vandag se kultuur word ook baie daarvan gebruik gemaak in landbou en veeteelt. En so kan ons oor ewolusie dink en spreek van 'n Goddelike skeppingswonder. Ek vra myself af of – as daar geen ewolusie (volgens Christelike begrip) sou bestaan het nie – daar dan nog lewe op die vervloekte aarde sou bestaan het. Wie die ewolusie verwerp of negeer, pleeg rewolusie deur verwerping van een van God se wonderwerke.

Ek is ook geneig om die herstelvermoë na siekte, operasies en amputasies in wyer sin te rangskik onder ewolusionêre aanpassing. As dit nie daar sou wees nie, sou al hierdie gebeure letaal, dodelik, wees.

Verder sien ek in die skeppings-opdrag aan die mens: bewerk die tuin van Eden (Gen 2:15), 'n ewolusionêre opdrag. Die Nederlandse Statenvertaling vertaal dit met: bou die tuin. Die woord *bou* is baie meer omvattend as net om die grond te bewerk. En teen die agtergrond van Genesis 2:3 (nsv): om die werk wat God gemaak het, te volmaak, tot sy volheid te bring, dit sien ek as 'n universele, Godgegewe taak.

Die woord *rewolusie* beteken omwenteling, omkering. Dit wil sê: om die opdrag van God aan die mens op aarde te volmaak as tempel van die HERE, om dit om te keer na die mens om sy eie kasteel te bou, en desnoods mag enige afgod nog 'n handjie bysit.

Laat ons tog oppas dat ons nie die kindjie, die skeppingswonder, die ewolusie-gawe, saam met die badwater, ewolusie-teorieë, weggooi nie.

**Bram van der Kraan**

## Repliek

Tereg word opgemerk dat die woord *evolusie* eintlik verandering beteken. In die artikel was die bedoeling dat "evolusie" na die ewolusie-teorie van Darwin en sy vriende wys soos dit algemeen in die volksmond bekend staan.

Die ewolusie-teorie self is egter ook 'n wye begrip. Blanchard<sup>1</sup> beskryf die volgende twee tipes:

- Mikro-ewolusie: Organismes in dieselfde spesie pas aan na aanleiding van veranderings in die omgewing. Daar is verskeie voorbeelde hiervan waarvan 'n paar in bogenoemde reaksie genoem word. Let egter

op dat dit altyd slegs veranderings binne dieselfde spesie is.

- Makro-ewolusie: As gevolg van natuurlike seleksie (oorlewing van die sterkste) kan 'n spesie na 'n ander spesie verander. Dit gaan selfs so ver dat alle organismes van 'n eenvoudige organisme in die verre verlede afstam en geleidelik al hoe meer kompleks geraak het.

Daar is geen bewyse vir makro-ewolusie nie, maar dit word oor die algemeen klakkeloos aanvaar omdat dit God as die Skepper uitsluit. Sonder God kan die mens self god wees.

In die 1930's het die meeste wetenskaplikes al aanvaar dat makro-ewolusie nie deur middel van natuurlike seleksie alleen kon plaasvind nie.

---

<sup>1</sup> Blanchard J. Does God believe in atheists? Evangelical press 2000, p. 85

**Stigting Woord en Wandel  
(Eienaar & Uitgewer)**

Gilles de Jager (voorsitter)  
Berend Kamphuis  
Dr Gerard Hagg  
Louise Ros (administrasie)

Posbus 31141, Totiusdal, 0134  
Tel 012 332 0127  
Faks 086 651 9719  
E-pos (stigting & administrasie):  
[kompas.admin@vgk.org.za](mailto:kompas.admin@vgk.org.za)

**Drukker:**

Printburo (telnr 012 335 9134)

**Redaksie:**

Prof Hans Boon (eindredakteur)  
Douwe Drijfhout  
Gerhard Bijker  
Marja Danielz

**Subredakteurs:**

Leer & Lewe:  
Roelof de Jong  
Gesin & Opvoeding:  
Petrie Eefting  
Venster op die Bybel:  
Ds Jopie van der Linden  
Samelewing & Politiek:  
Willie Spies  
Wetenskap & Tegnologie:  
Johan Bijker  
Kuns & Kultuur/Resensies:  
Jenny Boon  
In Pers-pektief:  
Hans Moes

**Redaksieadres:**

19<sup>de</sup> Laan 560  
Rietfontein 0084  
e-pos : [kompas@vgk.org.za](mailto:kompas@vgk.org.za)

**Advertensies:**

Navrae by die Administrasie

**Elektroniese betalings:**

Stigting Woord en Wandel  
Nedbank Gezina  
Takkode : 16 03 45  
Reknr : 1603 031 820  
Vermeld asb u naam en lidnommer

**Intekengelde (per jaar):**

RSA per e-pos : R55  
RSA per hand : R110  
RSA per pos : R150  
Buiteland per e-pos : €10  
Buiteland per seepos : €30  
Buiteland per lugpos : €40

<http://kompas.vgk.org.za/>

By dit moes mutasies (genetiese veranderings wat oorerflik is) oor 'n lang tyd plaasgevind het om sodoende die verandering in spesie teweeg te bring.

Blanchard beskryf dat mutasies baie selde in die natuur voorkom, en die kans dat 'n spesie na 'n ander spesie deur mutasies verander, is 1 uit 1000<sup>1000000</sup> (ongelooflik klein). Hy vergelyk ook 'n mutasie met 'n skryffout in 'n boodskap: die skryffout maak oor die algemeen nie die boodskap beter nie, en indien dit te veel voorkom, het dit 'n negatiewe effek tot waar dit selfs die boodskap kan vernietig. Net so bring mutasies in die meeste gevalle nie 'n verbetering voort nie, en dit kan selfs dodelik wees.

Alhoewel daar dus verandering (mikro-ewolusie) in die natuur voorkom, beteken dit nie dat nuwe spesies deur makro-ewolusie ontstaan het nie.

*Johan Bijker*

## ADVERTENSIES



**Hurter Spies** Eng.  
prokureurs • attorneys

**Prokureurs, Notarisse en  
Aktevervaardigers**

- Eiendomsreg
- Opstel van koopvooreenkomste
- Registrasie van oordragte
- Advies met verkoop van eiendom
- Notariële waarmerkings
- Testamente
- Algemene regsadvies

Kontak: Willie Spies of  
Johan Hurter  
Telefoon 012-664-0708  
of epos [willie@hurterspies.co.za](mailto:willie@hurterspies.co.za)



**GORDONSBAAI - HOOGGENOEG**  
3 slaapkamer vakansiehuis vir 4-5 persone met  
uitsig op see en berge.  
Vir verdere inligting en besprekings  
kontak ons by:  
[www.hooggenoeg.co.za](http://www.hooggenoeg.co.za)  
[jettysalomons@telkomsa.net](mailto:jettysalomons@telkomsa.net)  
082 320 6577 of 021 856 0736  
Piet en Jetty Salomons

